# TRUTH AND RECONCILIATION COMMISSION

## DAY 1 - 24 OCTOBER 1996

## SUBMISSION

## GEN KRAPPIES ENGELBRECHT

**CHAIRPERSON**:

[indistinct] can we just a moments silence please.

God, you are the God of truth, of justice, of reconciliation, we pray that you will sent your holy spirit on us - on all who are gathered here. That your truth, your justice, your reconciliation may prevail for Jesus sake. Amen.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Thank you - **generaal baie dankie dat u gekom het. Ons heet u welkom, u weet dat hierdie is nie 'n verhoor of 'n sitting - normaalweg sitting van die Kommissie -** it is one that follows as a result of specific provisions of the Act that has - is our founding Act.

We - we intend to go onto half past eleven when we will have some - a tea break until quarter to twelve and then go on from - from there to lunch time at one and then resume at quarter to two. And I believe you have a flight at half past five and I think it will probably be wise to stop at four o'clock.

The purpose of the - of this is an inquiry that is part of an ongoing investigation and you will have received in the subpoena that was served on you, the items about which the - we will be asking your assistance on.

My fellow Commissioner says - you know I mean - that you have - there is a translation in Afrikaans if you want to follow that, the headphones...[intervention]

**GEN ENGELBRECHT:**

Hierso.

**CHAIRPERSON:**

Ja you quite happy - thanks - thank you. We - we are acting in terms of Section 29 of the promotion of national unity and reconciliation Act.

You are aware of your rights under that Act that you were free to have had legal representation. And of course you - you - you know that you we expect that you are going to be of assistance to us, that you will be telling us the truth since to do otherwise is to be guilty of an offense.

We - we hope I mean that we will be able to have a - an atmosphere here which is helpful - we try as far as possible not to be advisable, because our purpose is to try to arrive at the truth, so as to assist in the - in the matter of reconciliation.

It is not a court, and at the end of our time with you, we will not be making a finding and it may be that at that time we will ask you to keep yourself available for perhaps a re-call if that was to be necessary. I think I mean we will - we will as we go along seek if there is any point of clarification that may need to be made, that will be the case.

This hearing is **in camera** as you know and the only people present here are Commissioners and employees of the Commission. We as the

Commission will determine what information we make available to the public if any at all. So is there any questions that you want to ask before I ask advocate Denzil to administer the oath or the affirmation.

**GEN ENGELBRECHT**:

Meneer die Voorsitter baie dankie, dankie ook vir die geleentheid - dis jammer ons het 'n bietjie van 'n bohaai gemaak oor die dagvaardiging storie, ek sou gekom het as iemand my laat weet het, want ek wil baie graag saamwerk met die Kommissie in enige opsig as ek kan.

Ek het dan ook die dagvaardiging geneem en ek het gekyk na die bewerings wat daar uitgespel is en daarom het ek dan ook om dit vir die Kommissie gemaklik te maak, het ek dan ook 'n dokument saamgestel wat ek graag dan nou aan u en u twee Kommissarisse wil oorhandig.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**VOORSITTER**:

Ja kan ons net - laat ons miskien, want ons het nou nie eintlik mooi begin ons moet - laat ons hierdie eed neem en dan kan u begin, maar baie dankie - **why don't you do that**.

**ADV POTGIETER**:

No there is just one other thing.

**CHAIRPERSON**:

Ja, **baie dankie.**

**ADV POTGIETER**:

Thank you Chairperson, I shall in the interim get the general to take the oath [intervention]

**VOORSITTER:**

Miskien kan jy verduidelik hoekom gaan ons bietjie wag.

**ADV POTGIETER:**

Ja and also just before I do that, just to bring to your attention that we have two interpreters who are attending to the interpretation. And the two of them will also be required to take an oath. So once I've dealt with the oath insofar as General Engelbrecht is concerned we will do that in respect of the two interpreters.

We also just awaiting the return of our national legal officer who would be here any second. So if he's not back, there will be a very brief interlude between the oath of the general and the two interpreters before we actually start taking the testimony.

So I shall deal with the oath of the general first and then we'll see whether we can proceed to the other two. **Generaal kan ek vir u vra om te staan - ja dankie.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**IZAK JOHANNES ENGELBRECHT** verklaar onder eed

**ADV POTGIETER:**

**Baie dankie**, thank you, Chairperson I would suggest that before we actually take the submission that the general wants to bring to our attention, we - we have a brief interlude so that we can deal with the two interpreters, because we going to have to deal with the interpretation of the submission as well.

Chairperson we are ready to get the interpreters to take the oath so I am going to ask them to come up to the front. Ja are we also getting the technical person, **kan u - kan u miskien hier voor kom staan en die - die eed is in Engels so ek gaan dit vir u oorhandig om dit net so uit te lees soos dit hierso is. U sal sien dat daar voorsiening is vir u volle name, so as u by daai punt kom, kan u, u volle name gee en dan die res van die eed aflees. So ek gee dit maar eerste vir u.**

**TEGNIKUS WORD INGESWEER**

**ADV POTGIETER:**

Baie dankie kan u dit oorgee vir - ja met u volle name asseblief.

---

**BEIDE VERTALERS WORD INGESWEER**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

Baie dankie - **thank you Chairperson.**

**CHAIRPERSON:**

**Baie dankie** - we will be asking advocate Goosen to be leading evidence, but now you are free general to start.

**GEN ENGELBRECHT:**

Baie dankie mnr die Voorsitter, ek het reeds dit gemeld ek het vir my vir gerieflikheidshalwe vir die Kommissie het ek 'n verklaring saamgestel wat ek dan nou graag wil uitlees en dan sodoende ook verwys na dokumentasie wat ek bymekaar gekry het.

1. Ek is 'n afgetrede Generaal Majoor van die Suid-Afrikaanse Polisie.

2. Ek was sedert my aanstelling as lid van die Suid-Afrikaans Polisie tot met my aftrede op 30 April '94 as volg gestasioneer:

2.1 **As leerling konstabel**

2.1.1 Pretoria Polisiekollege vanaf 25 Januarie 1958.

2.2 **As uniformlid**

2.2.1 Newlands - Johannesburg vanaf 2 Augustus 1958

2.2.2 Fordsburg - Johannesburg vanaf 6 Januarie 1965

2.2.3 Newlands - Johannesburg vanaf 1 November 1966

2.3 **As speurder**

2.3.1 Newlands - Johannesburg vanaf 13 Junie 1969

2.3.2 Bevelvoerder van die Soweto Moord-en-Roof-eenheid vanaf 30 Augustus 1971 tot 2 September 1984

2.3.3 Bevelvoerder van Brixton Moord-en-Roof-eenheid vanaf 5 September 1984 tot 2 Mei 1987

2.3.4 Speurtak - Hoofkantoor vanaf 2 Mei 1987 tot 4 November 1990

2.3.5 Veiligheidstak - Hoofkantoor vanaf 5 November 1990 tot 30 April 1994

2.3.6 Amptelik Groep C op 1 Januarie 1991 oorgeneem.

[Meneer die Voorsitter ek wil net graag vra as ek te vinnig gaan vir die vertolking dat u net vir my 'n indikasie moet gee asseblief mnr Goosen].

**VOORSITTER:**

Dis baie - baie [onduidelik]

**GEN ENGELBRECHT:**

Baie dankie meneer.

3. Ingevolge 'n skriftelike kennisgewing van die Kommissie gedateer 7 Oktober 1996 word ek opgeroep om vandag oor die later hierin vermelde ondersoeke van die Kommissie te verskyn en te getuig, en om vrae te antwoord wat betrekking het op die onderwerpe van hierdie verhoor.

4. Ek is bereid om na die beste van my kennis en oortuiging enige vraag wat regtens aan my gestel word, te beantwoord. Enige antwoord sal egter beperk word tot kennis wat ek ampshalwe oor beskik, of eie kennis. Ek vertrou dat die Kommissie nie van my sal verwag om hoorsêgetuienis te lewer of om oor aangeleenthede te spekuleer nie.

5. Die Kommissie moet egter deeglik kennis neem van my diensrekord in die Suid-Afrikaanse Polisie soos hier bo vermeld. Verskeie van die voorvalle vermeld in die kennisgewing van die Kommissie, het kennelik plaasgevind terwyl ek nie aan die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde was nie en

gedurende tydperke waarvan ek nie eens van die bestaan van die Vlakplaas-eenheid bewus was nie.

6 Alvorens ek met die spesifieke insidente handel, blyk dit dat die Kommissie, met respek, nie behoorlik aandag bestee het by die identifisering van my beweerde betrokkenheid by of kennis van growwe skendings van menseregte nie, en is die insidente in hoofsaak gebaseer op die insidente vermeld in die skrywe van prokureurs, Wagener, Muller en Du Plessis, gedateer 21 Junie 1996.

**Agtergrond tot skrywe van mnr Wagener**

7 Die volgende agtergrond oor die oorsprong en inhoud van die skrywe gedateer 21 Junie 1996, word verskaf:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

7.1 Op 19 Junie 1996 is ek deur 'n aantal lede genader met die beskuldiging dat die Generale hulle verlaat en verstoot het, en dat hulle niemand meer het by wie hulle om hulp en advies kan gaan aanklop nie.

7.2 Weens die Staat se versuim om regsbystand aan hulle te verskaf, kon hulle ook nie bekostig om individueel van die dienste van 'n privaat regspraktisyn, op hulle eie koste, gebruik te maak nie.

7.3 Hulle het 'n verdere beskuldiging gemaak dat hulle deur die ondersoekspan van advokaat D'Olivera intimideer en met arrestasie gedreig word.

8 Sonder om die meriete van enige saak te bespreek het die lede beweer dat die sake waarvoor hulle geïntimideer en met arrestasie gedreig word, wel binne die parameters en doelstellings van die Kommissie val. Ek het by hulle verneem dat daar nog 'n aantal lede is met soortgelyke probleme.

9 In die lig hiervan het ek hulle meegedeel dat ek die aangeleentheid met Generaal Johan van der Merwe sal opneem en dat daar 'n opvolg vergadering gereël sal word met alle lede wat 'n soortgelyke probleem het.

10 Nadat ek die aangeleentheid met Generaal Van der Merwe bespreek het, is 'n opvolg vergadering vir die volgende dag gereël waartydens plus-minus 15 lede en vyf Generaals teenwoordig was.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

11 Sonder om enige lid of insidente se meriete te bespreek, het Generaal Van der Merwe met goedkeuring van die teenwoordigers besluit om die volgende dag 'n verdere opvolg vergadering by prokureurs Wagener, Muller en Du Plessis se kantoor te hou.

12 Die volgende dag het ons by Mnr Wagener se kantoor byeengekom waartydens Mnr Wagener die volgende kortliks bespreek het:

- Die bepalings van die Wet op Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening met besondere verwysing na die

werking van die Amnestie Kommitee ; en

- Die gevolge/ prosedure om aansoek om amnestie te doen.

13 Sonder om enige aangeleentheid te bespreek, het mnr Wagener die lede versoek om insidente te noem waarvoor hulle bereid is om amnestie te vra. Die lede het toe verskeie insidente opgenoem soos vervat in vermeld skrywe.

Mnr Wagener het die lede daarna versoek om hulle afsonderlik te kom spreek, nadat die amnestie aansoekvorm voltooi het.

14 Aangesien ek by geeneen van hierdie insidente betrokke is nie, het ek nie 'n amnestie aansoekvorm voltooi nie. Ek was slegs teenwoordig om morele steun aan die lede te verleen.

**Insidente deur die Kommissie identifiseer**

15 Die insidente, soos in die kennisgewing vermeld, sal nou sover my eie kennis en kennis waaroor ek ampshalwe beskik, behandel word.

Verskeie van die insidente is egter vaag omskryf, en indien die Kommissie spesifieke verdere bewerings oor my kennis oor die aangeleenthede maak, mag dit moontlik wees dat ek die Kommissie meer sinvol by hierdie ondersoek behulpsaam kan wees. Soos reeds vermeld, kan ek nie hoorsêgetuienis lewer of

spekuleer nie, en kennis oor insidente wat ek deur die media opgedoen het, gaan ek nie as kennis aanbied nie.

1. **<u>Die verwydering van die drie persone te Port Elizabeth gedurende 1985, ook bekend as die PEBCO 3</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van hierdie saak nie.

2. **<u>Persone beseer en gedood tydens aanvalle op huise van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, as gevolg van foutiewe handgranate en 'n limpetmyn</u>**:

Ek dra geen kennis van enige van die feite van hierdie aangeleenthede nie.

3. **<u>Die dood van Brian Ngqulunga gedurende Julie 1990</u>**

Ek het hierdie persoon leer ken as 'n Askari en wel net voor die Harms Kommissie van ondersoek. Hy was 'n getuie in vemelde Kommissie. Hy sou na bewering tesame met Dirk Coetzee en andere by die dood van 'n prokureur ene Mxenge, betrokke gewees het.

Ek het wel later verneem dat hy vermoor is en dat sy lyk in die Brits omgewing gevind is. Ek het niks met die ondersoek van Brian Ngqulunga se saak te doen gehad nie.

Ek het ook verneem dat Kolonel Eugene de Kock onder andere vir sy moord aangekla is en skuldig bevind is. Ten tye van die dood van hierdie persoon gedurende Julie 1990 was ek die koördineerder van alle Moord- en Roof-eenhede in die Republiek

en was ek aan die Speurtak - Hoofkantoor verbonde. Ek weet nie wat die rede was wat daartoe bygedra het dat De Kock en sy kollegas hom vermoor het nie.

[Mnr die Voorsitter ek kan net meld ek sal lateraan meer uitbrei op hierdie insident as gevolg van die oorkonde van De Kock se saak].

4. **<u>Die dood van Moses Nthelang gedurende Junie/Julie 1989</u>**

Ek dra geen kennis van die feite van hierdie saak nie, behalwe daarvan dat ek kennis geneem het dat De Kock ook vir hierdie moord aangekla en skuldig bevind is.

5 **<u>Die dood van Beki Mlangeni</u>**

Ek beskik oor die volgende beperkte kennis van sy dood:

Op 16 Februarie 1991, om 10:00, en as gevolg van 'n opdrag ontvang vanaf Generaal Smit, het ek na Soweto Veiligheidspolisie gery waar ek my gaan vergewis het van die omstandighede waaronder hy gedood is. Ek het later die toneel tesame met die Veiligheidsbevelvoerder, Brigadier Nienaber en sy lede besoek. Ek het later die dag 'n mondelinge verslag aan Generaal Smit by sy woning gemaak.

Gedurende die ondersoek en as gevolg van 'n versoek vanaf die ondersoekspan het ek gereël dat alle lede van Vlakplaas na Hoofkantoor kom, waar hulle vingerafdrukke en handskrifmonsters onderskeidelik verkry is. Hierdie byeenkoms was deur 'n privaat forensiese deskundige, ene Dr Klatschow, bygewoon.

6. **<u>Die ontploffing by ANC-kantore in London</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

7. **<u>Die dood van 'n ANC-lid te Northam</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van hierdie geval nie.

8. **<u>Die dood van Japie Maponya</u>**

Op 19 Oktober 1989 het hierdie saak aan die lig gekom, nadat ene Nofomela, 'n voormalige lid van Vlakplaas, wat 'n veroordeelde gevangene was, in 'n beëdigde verklaring beweer het dat hy by die ontvoering van genoemde persoon betrokke was en dat lede van Vlakplaas hom daarna vermoor het.

As gevolg van vermelde bewering is daar 'n Kommissie van ondersoek aangestel, wat bekend gestaan het as die McNally-Conradie Kommissie van Ondersoek. Ek was deur die destydse Speurhoof, Generaal Conradie, aangesê om vir hom en advokaat McNally tydens die ondersoek behulpsaam te wees.

Op 25 Oktober 1989 het ek tesame met advokaat McNally en Generaal Conradie 'n onderhoud met Nofomela in die gevangenis gevoer. Die volgende dag is daar onderhoude met lede van Vlakplaas gevoer en is verklarings van hulle verkry. Die lede het die bewerings ontken.

Verskeie ander verklarings asook dokumentasie wat op sy verdwyning betrekking gehad het, is deur my verkry en op beslag gelê.

Tydens die Harms Kommissie van Ondersoek het onder andere De Kock, Ngqulunga en Mbelo getuig. Hulle was behoorlik deur verskillende regsverteenwoordigers onder kruisverhoor geneem en het die aantygings ontken.

Na afhandeling van die Harms Kommissie is alle relevante verklarings en dokumentasie wat tydens die ondersoek bekom is, saamgebind en aan die hooflanddros van Pretoria oorhandig vir die hou van 'n formele geregtelike doodsondersoek. Tydens die formele geregtelike doodsondersoek het De Kock, Nofomela, Mbelo en Mzimande getuig. Hulle was weer behoorlik deur die familie se regsverteenwoordiger onder kruisondervraging geneem en het die bewerings van ontvoering en moord ontken.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het intussen daarin geslaag om 'n afskrif van die Japie Maponya se ondersoek te bekom en het dit hier beskikbaar.

[As die Kommissie daarin belangstel mnr die Voorsitter kan ek dit oorhandig aan die Kommissie - dankie mnr die Voorsitter].

**VOORSITTER:**

Baie dankie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek beskik nie meer oor die volgende dokumentasie nie :

- McNally/Conradie verslag.

•Die oorkonde van die Harms Kommissie.

•Die oorkonde van die geregtelike ondersoek van Japie Maponya.

9. **Die dood van 'n ANC-lid in Mafikeng**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

10. **Oorgrens operasies**

Ek dra slegs beperkte kennis van een geval.

Hierdie geval het plaasgevind in Transkei en voormalige President FW de Klerk het die opdrag gegee. [Dokumentasie hierby aangeheg as **Aanhangsel AA**]

[Ek moet egter sê op die stadium mnr die Voorsitter, ek kan nie die oorsprong van die dokument bepaal het nie. Die dokument het in my besit gekom terwyl ek nog dienend was, maar ek weet nie wie het hom opgestel nie, ek vermoed dit was die Departement van Buitelandse Sake in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie en Weermag.

Sover dit die inligting rondom die besonderhede wat gegee word, oor die aangehoudendes en die gearresteerde persone, is daardie feite feitlik korrek. Ek wil graag u verwys na **Aanhangsel AA** as u byvoorbeeld net in die Bundel sal kyk na Dokument AA.

As u net vir my 'n indikasie kan gee dat u dit het, dan wil ek net een of twee passasies daaruit lees, ek gaan nie die hele dokument inlees nie. Ag mnr die Voorsitter ek wil graag hê u moet net vir ons blaai na - na bls 8 van dié dokument en dan daar by:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**The operation itself:**

All the above information was laid before the Government and on the morning of 7th of October authority was given by the State President for the SADF to conduct an operation at the house.

The aim of the operation was threefold, to capture APLA weapons, to obtain information about APLA training, activities and operational planning. If possible, without loss of life, to the troops involved to capture and bring back to South Africa members of APLA.

Therefor at 2:45 in the morning on 8th October 1993 a twelve men Defence Force team, arrived by vehicle at the door of the house, but were not able to enter, undetected as was originally planned because the door was locked.

The team forcibly entered the house by breaking in through the front door alerting the occupants. One person in the house reached for a rifle, this couple to the presence of others in the room and the very real possibility of others in the rest of the house, increased the danger to the team and forced them to open fire.

Anything up to 80 people - 18 people were expected to be in the house. The death were photographed, the house was searched and documents were confiscated.

- **Three AK-rifles**
- **One R1-rifle**
- **Two pistols**
- **Two homemade guns**
- **As well as a magazine was seized.**

**They also searched an outside room which appeared to have been hardened for weapon storage although no weapons were found, the team then withdrew and later handed the weapons and documents to the SA Police.**

[Mnr die Voorsitter ek gaan net die passasie lees, maar die dokument is heel - is net om te bevestig dat daar wel so 'n operasie was, oorgrens operasie].

---

11. **<u>Die dood van 9 ANC-lede te Kwandabele gedurende 1989</u>**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

12. **<u>Die dood van 9 ANC-lede te Bophuthatswana gedurende 1989</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

13. **<u>Die dood van Piet Ntuli gedurende 1986</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van hierdie saak nie.

14. **<u>Die dood van Joe Jele gedurende 1986</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

15. **<u>Die dood van 'n polisieman en sy vrou te Hammanskraal gedurende 1988</u>**

Ek dra geen kennis van enige van die feit van hierdie saak nie.

16. **Die dood van Jeffrey Sibiya gedurende 1987**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

17. **Die dood van Harold Sefola**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

18. **Die dood van Andrew Makupe**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

19. **Die dood van Jackson Maake**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die saak nie.

20. **Ontploffings te Bophuthatswana**

**Mamelodi**

**Atteridgeville en**

**Pienaarsrivier gedurende 1987**

Ek dra geen kennis van enige van die feite van die sake nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

21. **Ontploffings by:**

**Khotso Huis**

**Khanya Huis**

**Cosatu Huis**

**Joubert Park**

**JG Strydom Hospitaal**

**Community Center, Kaapstad**

**Councillors Hall - Soweto, Sandton en Randburg**

**Kragstasies en enige soortgelyke aanvalle**

Ek dra slegs kennis ten opsigte van twee ontploffings en een

brandstigting, naamlik die ontploffings by:

- Khotso Huis
- Cosatu Huis

en die brandstigting by:

- Khanya Huis.

Ek was deel van 'n ondersoekspan wat bovermelde [3] aangeleenthede onder leiding van Luitenant Generaal Joubert ondersoek het.

'n Moontlike verdagte Shirley Gunn, 'n buitelandse opgeleide lid van die Umkhonto we Sizwe was van die ontploffing by Khotso Huis verdink, is deur my en Speurder-Adjudant-Offisier Mostert gedurende Augustus 1990 te Caledon Gevangenis ondervra. Genoemde persoon het ontken dat sy vir die ontploffing verantwoordelik was. Geen verdagtes was ten opsigte van Cosatu Huis en Khanya Huis geïdentifiseer nie.

22. **<u>Die stigting, organisasie en operasies van die Vlakplaas-eenheid en soortgelyke eenhede:</u>**

Ek het op 5 November 1990 by die Veiligheidstak, Hoofkantoor begin werk. Ek het my dienste onder toesig van Brigadier Van Rensburg verrig wat toe die Groepshoof van Groep C was. Ek het op 1 Januarie 1991 amptelik by hom oorgeneem. Die doel hiermee was om my met Veiligheidstak se werksaamhede vertroud te maak asook hulle werkswyse.

Ek kan net meld dat ek nooit vantevore aan die Veiligheidstak verbonde was nie en dat ek van die speurtak na die Veiligheidstak oorgeplaas was.

Vlakplaas en sy lede het onder die Groepshoof van Groep C ressorteer. Ek het op 1 Januarie 1991 die Groepshoof van Groep C geword.

Groep C het uit die volgende komponente bestaan:

- Eenheid C-10: Bekamping van terrorisme - Askari-eenheid
- Eenheid C-11: Navorsing terrorisme
- Eenheid C-12: Terreur statistiek
- Eenheid C-20: Ondersoeke
- Eenheid C-21: Aanhoudings
- Eenheid C-22: Is W.H.10 en W.H.11 is onderskeppings en meeluistering

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Groep C as 'n geheel was weer op sy beurt aan 'n Generaal verantwoordelik wat weer op sy beurt aan die Hoof van die Veiligheidstak verantwoordelik was.

Ek wil graag die volgende organigram verduidelik.

[En ek kom dan by die eerste organigram mnr die Voorsitter].

Organigram nr 1 - Aanhangsel A, was in werking toe ek daar by die Veiligheid begin werk het op 5 November 1990.

Dit is maar net om te wys hoe die Groep C is:

**<u>IN BEVEL</u>**

BRIGADIER VAN RENSBURG

**TERRORISME EN VEILIGHEIDONDERSOEK**

GROEPE C

EENHEDE

C-10 - C-11 - C-12 - C-20 - C-21 - C-22

**VERANTWOORDELIK AAN**

**GROEPSHOOF**

AAN

**GENERAAL**

AAN

**GENERAAL MAJOOR BEUKES**

AAN

**GENERAAL MAJOOR VILJOEN**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

AAN

**GENERAAL SMIT - HOOF VAN VEILIGHEID**

Organigram 2 - Aanhangsel B, het op 1 April 1991 in werking getree, toe die Afdeling Misdaadbestryding en Ondersoek [MBO] op vemelde datum gestig is.

Verder tot organigram nr 2, wil ek ook die werksaamhede van die Misdaadinligtingsdiens, as MID bekend, soos dit toe bekend gestaan het, in die algemeen en veral die werksaamhede van Groep C waarvan ek die Groepshoof was, soos dit in

beleidsdokumente vervat is, verduidelik. **Aanhangsel B1, B2 en B3**

[Ek wil net graag vir u - ek is nou jammer mnr die Voorsitter ek kom my myne darem nou aanmekaar geplak het, u sal sien daar is twee van u, maar hy moet eintlik so wees, as u wil beter daarna kyk sal ek my dokumente vir u beskikbaar stel.

Dankie mnr die Voorsitter, dan kom ons net by die tweede dokument na daardie - is die organigram afdeling Misdaadbestryding en Ondersoek].

- Aangeheg eksemplare van die nuwe organigram asook 'n bylae tot die werksaamhede van die sekere groepe en eenhede uiteengesit.
- Die taak, doen en funksie van die Misdaadinligtingsdiens, word herskryf en sal sodra gereed aan u versend word.
- Geliewe u posstukke by ontvangs van die skrywe ooreenkomstig die organigram te adresseer, en dit is op 26-4-91 is die skrywe uit na al die bevelvoerders toe en streke toe van die Veiligheid.

Dan as u hom omblaai dan sal u sien daar staan by 2.1 is Groep C,:

Geliewe daarop te let dat heggingsbeheer tot die groep toegevoeg is en dat W.H.10 en W.H.11, dis meeluistering en omskepping, na Groep F oorgeplaas is.

As u dan verder gaan sal u die volgende bladsy sien, dit is ook 'n skrywe wat afkomstig is van die MBO af en dit is gerig aan:

- Die Hoof van Misdaadondersoekdiens Hoofkantoor

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Die Hoof Misdaadinligtingsdiens, Hoofkantoor
- Bevelvoerder offisier, Kriminele Rekordsentrum, Pretoria
- Bevelvoerder van Forensiese Wetenskaplike Laboratorium, Pretoria
- Streekshoof en Misdaadbestryding en Ondersoek
- Streeksbevelvoerder, Misdaadinligtingsdiens
- Groeps- en Eenheidshoofde, Misdaadinligtingsdiens, Hoofkantoor
- Eenheidshoof Misdaadinligtingsdiens, Jan Smuts
- Eenheidshoof, Misdaadbestryding en Ondersoek, Walvisbaai.

**Organigram Afdeling Misdaadbestryding en Ondersoek**:

- Aangeheg eksemplaar van die organigram wat op 1 April '92 in werking tree.
- Geliewe die volgende wysiging op die organigram aan te bring asseblief:
- Wysig Inligtingsversameling en ondersoek om te lees, Bevelvoerende offisier, Inligtingsversameling en Ondersoek, Generaal Majoor.
- Wysig Misdaadinligtings koördinering en navorsing C-20 om te lees, Nasionale Misdaadinligtings koördinering sentrums.
- Wysig Gebiedsbevelvoerder Jan Smuts Lughawe om te lees, Eenheidshoof X90 MID Jan Smuts Lughawe en wysig Gebiedsbevelvoerder, Walvisbaai na Eenheidshoof X100 MBO, Walvisbaai.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- F1 - tot 1 is vir u inligting.
- Teen die agtergrond van die visie vir die MBO naamlik om deur middel van die gesamentlike vermoë van al sy saamstellende komponente kriminaliteit op so 'n wyse te bestry dat 'n toestand van maksimale orde en veiligheid in Suid-Afrika teweeggebring kan word, is 'n ontleding van die huidige bedreiding gemaak.
- Ten einde 'n stabiele binnelandse veiligheid situasie te verseker, moet die MID sy werksaamhede soos in Bylae A uiteengesit op 'n volgende meer prominente aspekte fokus.
- Misdaad teen die veiligheid van die Staat/indiwidu
- Hoogverraad, Sedisie ensovoorts.
- Ernstige misdaad en
- Georganiseerde misdaad
- Geweld
- Tusssenstrydende faksies
- Taxi oorloë
- Aanvalle op treine en bus pendelaars.
- Aanvalle teen/deur hostelbewoners
- Aanvalle op voetgangers/voertuie en openbare paaie.
- Aanvalle op Veiligheidsmagte
- Aanvalle op bejaardes en plase
- Roof van voertuie en vrag en banke

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Geweldadige intimidasie
- Sluipmoorde en
- Gweld teen fisiese Staatstrukture.
- Verset aksies wat tot misdaad aanleiding gee.
- Verbruikersboikotte
- Huur en dienstegeld boikotte
- Betogings by howe
- Wegblyaksies
- Onwettige optogte
- Vervoerboikotte
- Skoolboikotte
- Ontwrigtingsaksies
- Besettingsaksies
- Ondermynende militêre para-militêre strukture
- APLA
- AZANIA
- MK-SDU's/AMABUTHU
- Third Force
- AWB/Ysterbade/wen-kommando/rooivalke/Aquilla
- Boere Kommando, Pretoria en Oos-Transvaal
- Ander splintergroepe en afvalliges
- Revolusionêre **watch dogs**
- Volkshowe en

- Uitsprake van geweld om faksies te polariseer.
- Bewapening van die faksies
- Wapensmokkelnetwerke
- Onwettig besit van wapens
- Ondermynende handelinge wat polisiëring bemoeilik
- Aanvalle, fisies en propogane
- Intimidasie/dreigemente
- Gewapende stryd
- Beplanning
- Werwing vir die gewapende stryd
- Opleiding
- Infiltrasie/eks filtrasie
- Ondergrondse strukture
- Bewapening
- Teikens
- Aanvalle
- Pseudo operasies
- Befondsing.
- Intelligensiebedreigings
- Stuktuur
- Disinformasie
- Spioenasie/teen-spioenasie
- Teikens

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Werwing
- Infiltrasie/plasing van agente
- Uitskakeling van operasies
- Beïnvloeding
- Potensiële geweldadige Staatsgreep
- TBVC-State
- Gebruik van RSA grondgebied vir geweldadige destabiliserings-aksies in TBVC-state en
- Gebruik van TBVC-state se grondgebied. Geweldadige destabilisering aksies teen die RSA.

**MISDAADINLIGTINGDIENS**

**HOOF: MISDAADINLIGTINGDIENS**

**LUITENANT-GENERAAL PJ VILJOEN**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Oefen beheer en bevel oor die Misdaadinligtingsdiens uit [BYGESTAAN DEUR EEN STAFOFFISIER]

- Persoonlik grondvlak waarneming op die gereelde grondslag ten einde knelpunte te identifiseer.
- Die opstel van lang en medium termyn doelwit bestuursplanne. Vir hierdie doel moet gebruik gemaak word van doelmatige dienste en meer spesifiek die beplanning en navorsing seksie.
- Die goedkeuring van die planne of indien die res van die Mag ook daarby betrek word, die voordrag daarvan aan die

bestuursraad vir beslissing. Die gedrewe implimentering van die gemelde planne.

- Die doen van remediërende stappe wanneer afwykings geïdentifiseer word. Die verlening van erkenning wanneer doelwitte bereik word.
- Die opstsel van nasionale beleidsvoorskrifte vir elke verantwoorlikheidsterrein en voorlegging daarvan aan die bestuursraad vir goedkeuring.
- Doelmatige aanwending van mannekrag en ander hulpmiddels deur komponente in elke verantwoordeliksterrein.

[ En dan kom ons meer by Groep C waarvan ek die Groepshoof was so in die middel van daardie dokument, mnr die Voorsitter].

**Groep C**

Misdaadbestryding en Navorsing

**Groepshoof**

Brigadier IJ Engelbrecht

**Bygestaan**

Kolonel Du Plessis

**Werksaamhede**

Die koördinering en werksaamhede van die Eenhede C-10 tot C-40.

[En dan word die eenhede se werksaamhede ook hier uitgespel]

**Eenheid C-10**

Georganiseerde Misdaadondersteunings-eenheid.

**Eenheidshoof**

Kolonel De Kock

**Bygestaan**

Majoor Baker

Kaptein Van Dyk

Luitenant D Geevers

Luitenant K Klopper

Luitenant MD Ras

Luitenant WR Bellingham

Luitenant JM Roeland

Luitenant JH Tait

Luitenant FC Buys

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**Werksaamhede**

Die insameling en benutting in samewerking met die eenheid georganiseerde misdaad van inligting met betrekking tot georganiseerde misdaad en terreur wapentuig.

**Eenheid C-20**

Nasionale Misdaadinligtings koördineringsentrums

**Eenheidshoof**

Kolonel Naude

**Bygestaan**

Kaptein JC Meyer

Kaptein DJ Marais

Kaptein DP Van der Berg

Luitenant JLS Roeland.

**<u>Werksaamhede</u>**

- Nasionale koördinering van die Misdaadinligtings koördineringsentrums, die MIKS
- Alle navorsing met betrekking tot misdaad waarby terreur wapentuig betrokke is. Rekordhouding van alle uitgeweekendes.
- Die identifisering en prossessering van alle teruggekeerdes. Die ondervraging van gearresteerde persone wat by geweldsaksies betrokke is. Koördinering van inligting en die opstel en byhou van 'n foto-album met betrekking tot persone wat baie belangrike persone, BBP's leed wil aandoen.

**<u>Eenheid C-30</u>**

Ondersoeke, verhore en aanhoudings.

**<u>Eenheidshoof</u>**

Luitenant Kolonel HJJ Smit

**<u>Werksaamhede</u>**

- Administratiewe regterlike optrede en die koördinering van alle hofgerigte ondersoeke, verhore, aanhoudings, siviele eise en interdikte wat deur die MID hanteer word.

**Eenheid C-40**

Bewegingsbeheer

**Eenheidshoof**

Luitenant Kolonel Kendall

**Bygestaan**

Kaptein Theron

**Werksaamhede**

- Die beheer, oor en die koördinering van werksaamhede van die toegangspoorte onder beheer van die koördinering van werksaammhede van alle toeganspoorte onder beheer van die SAP.
- Die koördinering van aspekte met betrekking tot grensbeheer.
- Die monitering van die bewegings van reisende verdagtes.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

My verplasing vanaf die speurtak na die Veiligheidstak was gedoen sodat ek die lede behulpsaam kan wees om onder andere om hulle te motiveer, misdaad-kursusse aan te bied, leiding op misdaad-gebied te gee om hulle vanaf die politieke terrein na die misdaad terrein te beweeg.

Nadat ek op 5 November 1990 by die Veiligheidstak begin het, het ek reeds begin om lede te motiveer en is samesprekings gehou om vanaf 1 Januarie 1991 alles in stryd te werp om hulle na die misdaad terrein te beweeg.

In die lig van samesprekings tussen die Bestuurskader van die Afdeling Misdaadbestryding en-ondersoek en lede van die

Eenheid C-10, het daar 'n verdeling in Eenheid C-10 gekom. Majoor De Kock het vir hom 'n aantal lede uitgekies en gedurende Februarie 1991 het hy vanaf 'n ander perseel dan Vlakplaas self, sy dienste verrig. Kaptein Baker het tesame met die oorblywende lede by Vlakplaas agtergebly en het sodoende die Eenheidsbevelvoerder van Vlakplaas geword.

Ongeveer ses maande later is 'n derde groep vanuit bovermelde twee groepe saamgestel wat onder leiding van Kaptein Van Dyk gestaan het en vanaf 'n derde perseel sy dienste verrig het. Die drie groepe het onderskeidelik as Vlakplaas, Pretoria en Midrand bekend gestaan.

Alhoewel die drie groepe afsonderlik diens verrig het, was hulle nog onder die vaandel van Eenheid C-10 klassifiseer vir administratiewe doeleindes. Die drie bevelvoerders het egter afsonderlik aan my verslag gedoen.

Vanaf 18 tot 22 Maart 1991 het ek vir 24 swart lede, waaronder 'n groot hoeveelheid Askari's was, 'n verkorte speurderskursus te Vlakplaas aangebied. Die kursus het oor verskeie onderwerpe gehandel soos blyk uit Aanhangsel C. Blanke lede het op hulle beurt 'n gevorderde misdaad-intelligensie kursus deurloop.

[As ons net na die kursus kan sien mnr die Voorsitter, wat ek probeer het om vir die Askari's toe tuis te bring dat ons moet weg beweeg vanaf die politieke terrein na die misdaad terrein, dan sal u sien as ons by die eerste dag van die 18de begin is **einde van Band 1 - Kant A ...**

- Visit at Forensic
- Investigation diary
- Dockets
- Arrest and exhibits
- Judges Rules
- Interrogation
- Pocket book
- Warning statements
- Bail
- Visit at CRS
- ID-parade
- Law of Evidence
- Pointing out of scenes
- Confession
- Informers
- Prosecutor and member
- Observation
- Detective Units.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

In afsluiting was

- Brigadier Pruys wat dan gekom praat het oor die onderhandelingsproses.

Die suksesse wat die drie afsonderlike eenheid, tot en met hulle ontbinding, behaal het, was astronomies. Situasie-verslae ten

opsigte van die Vlakplaas- en Pretoria- komponente word uiteengesit in **Aanhangsel D1 tot D11**.

[Mnr die Voorsitter u moet maar vir my 'n indikasie gee as ek - u wil hê ek moenie hierdie uitlees nie, ek het dit hier aangeheg sodat die Kommissie kan sien dat ons wel weg beweeg het vanaf die politieke terrein na 'n misdaad terrein toe. Dat ons - u kan sien dat hierdie mense werklik waar ook hulle toegespits op die gewone misdaad.

So as u reken ek moet dit vir u uitlees, dan lees ek dit vir u uit, maar as u reken dit is goed so dat die Aanhangsel - baie dankie meneer]

'n Gesamentlike lys van suksesse vir die tydperk 2 Februarie '90 tot Januarie '92 word hierby aangeheg as **Aanhangsel E1 tot E3**.

[Ek wil tog net hier by Aanhangsel - by die dokument net graag darem net so by Aanhangsel B van die dokument, dit is Gevonde Eiendom, as u net daarna kan kyk mnr die Voorsitter]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

- Voertuie 47
- Goud een kilogram
- Diamante was 374 karaat
- Mandrax-tablette is 1,500
- Kokaïene is 100 gram
- Dagga is 9 kilogram
- Vervalste geld - 80-duisend 100 Dollar note 1.2 miljoen rand se R50-note.
- Huisbraak - Elektriese ware ter waarde van R400-duisend

- Ivoor - 6 olifant tande, 32 kilogram
- Radio toerusting: 8 handradio's SAW - 11 gewone radio's
- Renosterhorings 3
- Rekenaar 4
- Musieksentrum 1
- Gesteelde tjeks ter bedrae van R6.5 miljoen
- Ratkaste 64 ter waarde van R2.2 miljoen
- Platinum R60-duisend
- Juweliersware R3-duisend
- Autobank kaarte 44 kaarte
- CS 137 - 2 houers
- Springsstof 2 houers
- Radio-aktiewe materiaal 3 houers
- Televisie, een swart en een wit.

Kolonel De Kock se eenheid het ook daarin geslaag om 'n smokkelnetwerk van die wapens wat in voertuie se petroltenks versteek was, bloot te lê en dit is **Aanhangsel F.**

[Ek het ook 'n dokument daaraan om hulle werkswyse uiteen te sit, die arrestasies wat hulle behaal het, die voertuie wat betrokke is en dan het ek ook 'n afdruk van 'n foto, die laaste bladsy gemaak mnr die Voorsitter wat u kan sien as ek vinnig lyk dit my soos 15 AK-47 wat in 'n voertuig se petroltenk uitgekom het met magasyne en patrone].

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

In die begin het die lede tog soms na die politieke terrein geneig, maar het gaandeweg meer positief op die misdaad terrein gereageer veral waar onwettige wapentuig 'n rol gespeel het. Aangesien baie van die lede in die begin, dit wil sê na 2 Februarie 1990, by die Eikenhof Vuurwapenopsporings-eenheid betrokke was, is daar vanaf Bestuurskader voorgestel dat die lede daarheen verplaas moet word. Die lede kon egter nie wonings in Soweto bekom nie, en daar is gevolglik toe van die plan af gesien.

Na die afstigting van die twee groepe het Luitenant Kolonel De Kock en Majoor Baker 'n dokument, **Aanhangsel G** geformuleer wat die werksaamhede van die twee groepe uiteengesit het. Die inhoud van hierdie dokument het ook later op die derde groep, naamlik die van Kaptein Van Dyk van toepassing geword.

[Ek sal graag hierdie dokument wil uitlees vir u, dan kan u net sien waaroor dit gaan mnr die Voorsitter]

**MISDAADBESTRYDING**

**EENHEID C-10**

**WERKSAAMHEDE VAN DIE EENHEID**

1. Die opgelegde taak van die eenheid is:

- Die opsporing van vreemde wapentuig, die infiltrasie van ondergrondse strukture en Selfverdedigings-eenhede, om sodoende wapenopslagplekke op te spoor en wapentuig te herwin.

- Die hantering en werwing van bronne in die SAKP, ANC, PAC, BCMA, sowel as alle regse en ver-regse organisasies en ander organisasies wat ten doel het om die regering sover om ver te gooi en die onderhandelingsproses te verongeluk.

2. Eenheid C-10 het in die afgelope aantal jare in noue samewerking met die ander vertakinge van die Mag, misdaad op vele terreine bekamp tydens hulle soektog na terroriste in alle dele van die RSA. Met die totstandkoming van die bedryfsentrum is die samewerking voortgesit met SANAB, Moord en Roof, Voertuigtak, Goud en Diamanttak, Speurtak, Taakmag en die Uniformtak. Moord en Roof en Taakmag speel veral 'n ondersteuningsrol by optredes gedurende die herwinning van vreemde wapentuig. Eenheid C-10 se operasionele vermoë word effektief toegepas in die misdaadbestryding en ondersoek.
3. Met die depolitisering van Eenheid C-10 se bedrywighede word hulle uitstekend aangewend in die bekamping en voorkoming van misdaad. Die blankes het reeds hanteringskursus wat deur D-seksie aangebied deurloop. Die senior swart lede het reeds 'n verkorte speurderskursus wat Brigadier Engelbrecht aangebied, deurloop.
4. Die eenheid se spesiale vermoëns en kundigheid ten opsigte van die **modus operandi,** persoonlikhede met betrekking tot hulle voormalige kollegas in die ANC en PAC, is nog steeds tot

die beskikking van die MID, RSA en kan soos in die verlede met sukses aangewend word. 'n Komponent van die Eenheid konsentreer tans op streke Witwatersrand en Soweto, dit met betrekking van MIKS, Eikenhof, die ander komponente is vanaf 13-5-91 by die MIKS, Noord-Transvaal ingeskakel.

5. Taakgerigtheid: inligting en ondersoek na die besit en aanwending van vreemde wapentuig deur kriminele elemente, sowel as ondersteunings van voormalige terroriste bewegings is en sal nog altyd relevant wees, solank as wat daar geweldmisdade voorkom waar daar van vreemde wapentuig gebruik gemaak word.

- Suid-Afrika het in 'n belangrike mark ontwikkel vir vreemde wapentuig, die vyand se doel met ondergrondse strukture en Selfverdedings-eenhede is op elke ondersteuner, elementêr, Militêre opleiding, plaaslike in sy huis - tuis gebied te gee om sodoende die massa te mobiliseer en te politiseer en dus die land onregeerbaar te maak.
- Werkloosheid onder voormalige terroriste gaan hulle dwing om hulle tot misdaad te wend. Misdaad sal dan met militêre presiesheid bedryf word en is niks anderste as terrorisme nie. Die toename in geweldsmisdade waarby vreemde wapentuig betrokke is, in stedelike sowel as swart woongebiede, is 'n duidelike bewys hiervan.

- Die herwinning van sodanige wapentuig plaas 'n groot verantwoordelikheid op die MID en besonder Eenheid C-10. Die aanwending van beriggewers op alle terreine is nou dié primêre taak van MID. Die eenheid se primêre taak is die werwing en hantering van beriggewers wie se inligting sal lei tot die opsporing van vreemde wapentuig en die identifisering van persone wat betrokke is by ondergrondse strukture en Selfverdedigings-eenheid asook betrokkenheid by gespesialiseerde misdaad.
- En dit is geteken - onderteken deur Kolonel De Kock.

Lede was in die begin aangewend om identifikasies op MK-lede asook PAC-lede te maak. Veral waar inligting bekend was dat lede van genoemde organisasies besig was om die onderhandelings proses te kortwiek, misdade te pleeg en vreemde wapentuig te versamel. Gaandeweg het hierdie bedreiging vervaag en is lede voltyds op die misdaad terrein aangewend.

As gevolg van politieke druk en omdat die Askari-lede nie by die gewone lid van die SAP aanvaarbaar was nie, is daar op bestuursvlak besluit dat daar aansoek gedoen moet word dat daar afleggingspakkette vir die lede beding moet word. Die besluit het ook Askari's ingesluit wat op ander sentras in die RSA hulle dienste verrig het.

[Ek kan net noem mnr die Voorsitter ek het - beskik nie oor hierdie afleggingsdokument nie, maar dit is beskikbaar volgens my inligting. Dit kan verkry word van die Nasionale Kommissaris af. Daar word weer, ek het nou eergisteraand gekyk na - weer na 'n program waar daar 'n bewering gemaak was deur 'n swart lid - 'n oud swart lid dat hy betaal was om sy mond te hou. Dit was nie die geval nie, dit is 'n gekwalifiseerde aktuaris, hier in die Kaap wat hulle dienste uitgewerk het om te gesien het hoeveel moet elkeen kry en hy is daarvolgens is hy toe uitbetaal.

Ek kan ook vir u noem dit is 'n goedgekeurde pakket wat deur die Ouditeur-Generaal se kantoor goedgekeur word, Staatsbesteding goedgekeur is en dan ook Departement Finansies goedgekeur was en op die ou end het die ou Kabinet dit goedgekeur en was die mense dienooreenkomstig dan uitbetaal].

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

'n Volledige ondersoek in hierdie opsig gedoen waar onder andere van die dienste van 'n gekwalifiseerde aktuaris gebruik gemaak is, die dokumentasie bestaan wel ek kan vanaf die Nasionale Kommissaris verkry word.

Die afleggingspakkette is op 30 April '93 uitbetaal en Vlakplaas se hekke is op daardie dag gesluit.

Vlakplaas is later deur die Eenheid vir Bedreigde Spesies oorgeneem.

23. **<u>Die beplanning en uitvoering van operasies gerig op vermoring van persone</u>**

Tydens my dienstydperk by die Veiligheidstak, naamlik vanaf 5 November 1990 totdat ek van diens onttrek was op 24 Maart

1994, was ek nie betrokke by enige beplanning van enige operasies wat betrekking gehad het op die uitwissing of vermoring van enige persoon of persone nie. Ek het ook geen kennis van sulke operasies gedra nie.

24 **<u>Aard en omvang van samewerking insake koverte operasies tussen SAP en SAW</u>**

Ek was by geen koverte operasies, en/of koverte operasies met die SAW, BSB of Militêre Intelligensie betrokke nie. Gedurende Desember 1989 was ek betrek by 'n informele ondersoek in samewerking met 'n Weermag Generaal ten opsigte van 'n organisasie wat bekend gestaan het as BSB - is **Aanhangsel BB**.

[Dis die heel laaste dokument mnr die Voorsitter.]

**BURGERLIKE SAMEWERKING BURO, BSB ONDERSOEK.**

Ek het as gevolg by 'n ondersoek na die BSB betrokke geraak.

1. Op 21-12-89 het Luitenant Generaal Joubert van die Suid-Afrikaanse Polisie my 'n opdrag gegee om Luitenant Generaal Badenhorst van die Suid-Afrikaanse Weermag behulpsaam te wees by 'n <u>informele</u> ondersoek na die volgende aspekte.

- of daar 'n organisasie met die naam van BSB aan die SAW verbonde is
- die betrokkenheid van ene mnr Barnard by die vermelde organisasie en

- of daar 'n projek lêer bestaan het wat op ene Webster betrekking gehad het.

2. Tydens my samesprekings met Luitenant Generaal Badenhorst het ek bepaal dat ene Barnard op daardie stadium 'n aangehoudende was as 'n verdagte op ene Webster se moord.

3. Ten tye van die ondersoek het ons toe die volgende bepaal

- dat daar wel so 'n organisasie BSB bestaan
- en dat ene mnr Joe Verster die besturende direkteur van die organisasie was.
- dat mnr Verster weer op sy beurt onder die bevel van die Bevelvoerende offisier van SPESMAGTE van die SAW ressorteer het.
- dat daar 'n Binnelandse Streek van BSB was, wat onder die beheer van [onduidelik] Burger ressorteer het.
- dat mnr Burger en sy sel-lede oud polisiemanne is.
- dat mnr Barnard inderdaad 'n agent van die organisasie was.
- dat ons geen projek lêer kon vind wat op ene Webster betrekking gehad het nie en
- dat ons geen bewyse kon vind dat enige lid van die organisasie by ene Webster se moord betrokke was nie.
- As gevolg van 'n vertrouensbreuk tussen Luitenant Generaal Badenhorst en mnr Joe Verster het daar een keer in my teenwoordigheid harde woorde tussen die vermelde twee

persone geval. Inderdaad het mnr Joe Verster Luitenant Generaal Badenhorst met 'n aanrandingsaak gedreig.

- Na die ondersoek was daar 'n mondelinge verslag aan die volgende persone gedoen.
- Die Minister van Justisie, mnr Coetzee.
- Die Minister van Verdediging, mnr Malan.
- Die Minister van Polisie, mnr Vlok.
- Die hoof van die SAP Generaal Van der Merwe.
- Die hoof van die SAW Generaal Geldenhuys
- Luitenant Generaal Joubert, wie die ondersoekbeampte van die Webster moordsaak was, was ook daar teenwoordig.

4. Ons het vervolgings aanbeveel dat daar 'n formele ondersoek ten opsigte van die BSB se finansiële lêers gehou moet word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

5. Ek het later verneem dat daar wel 'n Generaal van die SAW aangestel was, wat ondersoek na die BSB se finansiële lêers gedoen het.
6. Ek weet nie wat die uitslag van die vermelde ondersoek was nie.

25. **<u>Die betrokkenheid van lede in die beplanning en uitvoering van Koverte Operasies gerig op organisasies</u>**

Nadat ek op 1 Desember 1992 die Hoof van Misdaadinligtingsdiens geword het, het my toesighoudende pligte ook verbreed. Organigram nr 3 het toe in werking getree, **Aanhangsel H**.

[Ek weet nie of u ook wil hê mnr die Voorsitter ek moet dit vir u uitlees nie. Die dokument is eintlik selfverduidelikend].

**VOORSITTER**:

Nee.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dankie mnr die Voorsitter.

Later gedurende my dienstermyn het organigram nr 4 in werking getree, dit is **Aanhangsel I.**

[Ek gaan hom ook dan nie uitlees nie, mnr die Voorsitter]

STRATKOM-aksies is reeds gedurende Julie 1991 ontbind. Die Khan Kommissie was aangestel om STRATKOM-bedrywighede te ondersoek en om uitstaande kontrakte af te handel.

Ek het geen rol gespeel in hierdie verband nie.

Ek was by magte om gedurende my dienstydperk by die Veiligheidstak eise goed te keur. Eerstens was ek net vir die Groep-C se uitgawe-eise verantwoordelik. Met my aanstelling as Hoof : Misdaadinligtingsdiens, het ek verantwoordelik geraak vir die goedkeuring van uitgawe-eise ten opsigte van die Misdaadinligtingsdiens. Met betrekking to C-10 is daar na 'n interne audit inspeksie gedurende Julie/Augustus 1991 op bestuursvlak besluit om met die oog op beter beheer ten opsigte van die kostesentrum 'n onafhanklike offisier in beheer van die kantoor [kostesentrum] te plaas.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Dit moet gemeld word dat alle eise van tyd tot tyd deur 'n span interne en eksterne ouditeure ge-audit word. Enige probleem en/of foute wat gevind word, is skriftelik gerapporteer waarna volledige verslag, na ondersoek, gedoen moet word. Delegasie bevoegdhede is van tyd tot tyd uitgereik. Ek wil nou die inhoud van die delegasie bevoegdhede behandel.

**Aanhangsel J tot O**.

[Ek wil ook die volgende dokumentasie behandel]

- Inspeksie deur die Ouditeur Generaal se kantoor ten opsigte van Eenheid C-10 se eise, **Aanhangsel P**.

[Mnr die Voorsitter as u nie wil hê ek moet die dokumente - al wat dit hier op neerkom is eintlik paragraaf 2.5 van die Outeur Generaal se inspeksieverslag wat eintlik belangrik is wat net duidelik uiteenspel dat hulle sekere ouditeurs inspeksie gedoen het op die Eenheid C-10 se finansiële eise en dat hulle dit in orde gevind het].

- Vernietiging van Bewysstukke, **Aanhangsel Q**

[Dan die vernietiging van Bewysstukke dit is Aanhangsel Q, dit is maar net finansiële Bewysstukke ten opsigte van hierdie rekening ouer as 31 Maart 1990 is vernietig. Vernietiging het geskied nadat die ouditeur deur die Ouditeur Generaal afgehandel en akkoord gegaan is, dat die vernietiging kan geskied. Dit wys maar net dat dit gedoen is daar].

- Inligtingsnota van Kaptein de Waal, **Aanhangsel R**

**<u>INLIGTINGSNOTA</u>**

- Na 'n interne oudit inspeksie gedurende Julie/Augustus 1991 by die rekening vir Geheimedienste se kostesentrum by Eenheid C-10, Misdaadinligtingsdiens, Hoofkantoor, het die bestuur van Misdaadbestryding en Ondersoek besluit om met die oog op beter beheer en kontrole ten opsigte van die Kostesentrum en offisiere in beheer van die kantoor te plaas.

[Ek kan net meld dat daar was vantevore toe net 'n adjudant offisier met personeellede in beheer van die kantoor mnr die Voorsitter].

- Verskeie opdragte en beheermaatreëls met betrekking tot die hantering van finansiële dokumente en transaksies het met die reëling gepaard gegaan.
- Na interne ondersoek deur die offisier wat by die kantore geplaas is, het dit geblyk dat probleme wat by die kantoor bestaan het, nie onreëlmatighede was nie. Maar toegeskryf kan word aan onkunde by die hanteerders ondervinding by die voorskothouers en die onvoldoende administsratiewe personeel by die onderskeie komponente van die eenheid.
- Opdragte met betrekking tot die hantering van eise en voorskotte is onder die hanteerders versprei en hulle is verder waar nodig deur die personeel van die Kostesentrum asook die interne ouditeure en die personeel van die rekening vir Geheime Dienste hoofkantoor, voorgelig.
- Aansoeke vir voorskotte kon net op die persoon wat die aansoek geteken het se naam getrek word. Aansoeke kon nie

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

namens ander persone geteken word nie en geen eise of voorskotte is sonder goedkeuring van die Groeps of waarnemende Groepshoof aanvaar nie.

- Eise kon ook net afgaan op uitstaande voorskotte en/of uitbetaal word aan die persoon wat die eis ingesit het.
- Hanteerders kon vir optredes 'n maksimum van R2,000-00 uitstaande hê wat deur eise en kleingeld gedelg moes word voor 'n verdere aansoek oorweeg is. Vir spesifieke oortredings kon groter bedrae toegelaat word, met goedkeuring van die Groepshoof of waarnemende Groepshoof. Laasgenoemde eise moet dan ook korrespondeer met die spesifieke optrede soos op die aansoek gemotiveer is, of kontant moes die voorskot aflos.
- Geleentheidsbronne kan nie twee maal geregistreer word nie en hanteerders moet hulself vergewis dat bronne nie reeds gebruik was nie.
- By uitsondering waar omstandighede dit vereis het, het bevelvoerders van die onderskeie komponente hulle fondse aan hanteerders beskikbaar gestel in welke geval die eise deur die hanteerder wat die geld bestee het, ingesit is maar die geld hêt by die uitstaande voorskot van die lid wat die geld voorsien het, afgegaan.
- Na rasionalisering van Eenheid C-10 is die Kostesentrum tydens Augustus '93 deur die kantoor van die Ouditeur

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Generaal ge-oudit en enkele aspekte deur hulle vermeld is, is bevredigend beantwoord.

- Eisprosedures soos dit op Eenheid C-10 gegeld het,

**Aanhangsel S**

[Ek weet nie mnr die Voorsitter wil u ook hê ek moet dit uitlees, dit is self verduidelikend as die Kommissarisse daarna wil kyk. Dit is maar net hoe die eiseprosedure gegeld het daar.

Ek kan ook net vir u noem dat onder die **Aanhangsel S** is daar]:

**<u>EISE EN VOORSKOTTE</u>**

Dit is my handtekening ook wat ook voorkom. Dit is maar net weer eens wat ek uitgestuur het om seker te maak dat die lede wel die eise korrek invul. Dan is dit:

**<u>PROSEDURE [HANTERING VAN TOONGELD]</u>**

Hoe dit daarmee moet gepaard gaan en dan:

**<u>BRANDSTOF EISE</u>**

Wat daarmee gepaard gaan en dan is daar:

**<u>AANSOEK OM STAANDE VOORSKOT</u>**

Hoe dit voltooi moet word en dan is die:

**<u>SPESIALE REKENING - DIE EIS AANSOEK</u>**

Is ook daar en dan is daar ook - word dit ook aangetoon hoe dit voltooi moet word.

Die Suid-Afrikaanse Polisie het sedert my aanstelling as hoof van Misdaadinligtingsdiens slegs oor vier projekte wat uit die Spesiale

Rekening van Suid-Afrikaanse Polisie finansier is, beskik, naamlik:

- Misdaadinligtingsdiens [Binnelandse Veiligheid]
- Georganiseerde Misdaad
- Diamante en Goudtak
- Tegniese Ondersteuningsdienste.

Ek het geen inspraak by die voorlegging van die Misdaadinligtingsdiens se projek gehad nie. Ek is bewus daarvan dat daar behoorlik reëls en prosedure was, wat deur die Minister goedgekeur is, wat noukeurig nagekom moes word. Elke ses maande is daar 'n ministriële voorlegging gegee ten opsigte van die projekte. Ek was nie 'n verteenwoordiger nie.

Die geld was binne die doelwit van die projek aangewend en dit was ook van die pligte van die interne en eksterne ouditeure om te kyk of dit binne die raamwerk van die projek val.

Sedert my aanstelling as hoof van misdaad en inligtingsdiens op 1 Desember 1992, het ek onder andere die volgende gedoen om lede beter te bekwaam en om in alle tye doelgerig op te tree.

- Die opstelling van handleidings van die werksaamhede van Binnelandse Veiligheid, Ondersoek-eenhede, Bomopruimings-eenhede en Kommersiële Plofstof-eenhede.
- Operasionele aktiwiteite ter orde en doelgerig Misdaadinligting.
- Alle streke in die RSA te besoek.

- Elf bestuurskursusse laat aanbied waartydens 170 inligtingbestuurders die kursus deurloop het.
- Bevelvoerders opnuut laat oplei het in die inligtingsbestuur.
- Hulp verleen het aan georganiseerde misdaad waartydens vier kursusse vir hulle lede aangebied is.
- Verskeie seminare, opleidingsessies, inligtingsessies is gehou en

verskeie lede is op ondersoekkursusse gestuur.

- Aansoek is gedoen dat die polisie - dat die Opleidingskomponent van die Binnelandse Veiligheid na Amerika en Britanje gestuur word om meer te wete van die lande se ondersoeke en inligtingopleidings te wete te kom en waar toepaslik in die Suid-Afrikaanse Polisie te implimenteer.
- Die herstruktuering van die Misdaadinligtingsdiens skrywe C/2/1/1 gedateer Augustus het daarop betrekking, **Aanhangsel T**.

[Die dokument is ook vanselfsprekend mnr die Voorsitter ek glo dalk as u meer rustiger is kan u dalk - meer tyd het tot u beskikking kan u dit ook kyk, ek dink ek gaan dit ook oorslaan].

Nadat ek op 1 Januarie 1991 amptelik my diens by die Veiligheidstak oorgeneem het, het ek die hoofde van Polisie- en Veiligheidslede by buurstate betrek by onderhandelinge ten opsigte van die besit, smokkel en berging van wapentuig.

So is daar byvoorbeeld 'n kommitee gestig wat bestaan het uit lede van die SAP, die Royal Swazi Police en lede van die speurtak en veiligheid van Mosambiek. Hierdie forum het in voorsitterskap geroteer. Daar was geweldig baie suksesse behaal ten opsigte van die terugvinding van wapentuig. Dit het ook aanleiding gegee dat daar verskeie gesamentlike opvolg-operasies in Swaziland en Mosambiek plaasgevind het. Ek was 'n stigterslid van hierdie forum. Voor die bestaan van die forum was daar weinig of geen samewerking nie.

Na die stigting van die Afdeling Misdaadbestryding en Ondersoek, het ek 'n baie belangrike rol gespeel in die stigting van die Misdaadinligtingskantore, beter bekend as die MIKS kantore, regdeur die land. Die MIKS kantore landswyd is later met die Misdaadinligtingsontleding- en Vertolkingsentrum MIOVS vervang. Werksaamhede van die MIOVS word hierby aangeheg, **Aanhangsel U.**

[Ek vra ook toestemming om dit oor te slaan mnr die Voorsitter, dankie].

Die ondersoeke na regse persone wat die 1994-verkiesing wou ondermyn, wat as gevolg van my hulp direk daartoe bygedra het dat ons heelwat suksesse behaal het, was as gevolg daarvan weer bygedra dat ontploffings wat aan die orde van die dag was, stopgesit is.

Ek is ook die persoon wat 'n voorlegging aan die Uitvoerende Oorgangsraadkomitee gemaak het ten opsigte van Artikel 29 van

die Wet op Binnelandse Veiligheid, behoue moes bly tot na die 1994-verkiesing. My aanbeveling is deur die kommitee ondersteun.

Ek was nie deel van die ouditspan wat finansiële dokumente vernietig het nie. Ek is bewus daarvan dat daar wel voorskrifte bestaan het wat betrekking gehad het tot die vernietiging van finansiële dokumente.

26. **<u>Die betrokkenheid van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie in oorgrense koverte optrede</u>**

Tydens my dienstydperk by die Veiligheidstak en later die Misdaadinligtingsdiens van die Suid-Afrikaanse Polisie, was ek nie daarvan bewus dat geheime fonds gelde aangewend was vir oorgrens koverte operasies nie, wat op die growwe skending van menseregte neergekom het nie. Ek het geen sodanige operasies goedgekeur nie.

27. **<u>Enige ander growwe skending van menseregte</u>**

Ek self was nie betrokke by enige sodanige skendings nie.

In die lig van die algemene bewoording van hierdie paragraaf in die kennisgewing wat ek van die Kommissie ontvang het, is dit nie vir my moontlik om sinvol hierop te kan reageer nie.

[Dit is my voorlegging mnr die Voorsitter, ek wil dan ook u toestemming vra om met u die oorkonde te behandel soos aan my beskikbaar gestel waartydens ek beskuldig was by die Goldstone Kommissie van die DERDEMAG

bedrywighede, wat aanleiding gegee het tot die skorsing van my en wat verdere aanleiding gegee het dat my gesondheidstoestand ingegee het, dat ek moes medies ongeskik gegaan het. En ek wil dit graag vir u voorlees en voorhou sodat u dit kan sien].

Meneer die Voorsitter op 16-3-94 is ek deur die Goldstone Kommissie ondervra ten opsigte van my betrokkenheid by die sogenaamde DERDEMAG. Die bewering het gehandel ten opsigte van my persoonlike betrokkenheid en/of kennis sedert 1989.

Ek was beskuldig dat ek na bewering by die vervaardiging van wapens en die verskaffing daarvan aan die IFP betrokke sou gewees het. Verder was daar 'n beskuldiging gemaak dat De Kock se manne by die Boipatong-slagting betrokke sou gewees het. Nieteenstaande my verduideliking dat ek nog gedurende '89 aan die Speurtak verbonde was, en nieteenstaande my sterk ontkenning dat ek nie by enige geweld betrokke is nie, en dat Boipatong se geval volledig deur die Goldstone Kommissie self ondersoek was, en dat daar lateraan 'n Hooggeregshof saak uit voortgespruit het waartydens beskuldigde skuldig bevind was.

Ek was gekritiseer en baie teleurgestel omdat ek geweet het ek was onskuldig. Nieteenstaande waarskuwings vanaf die Kommissaris van die SA Polisie, myself dat daar versigtig opgetree moet word, aangesien die inligting waaroor Goldstone beskik, ongetoetste inligting is, het net niemand daarna geluister

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

nie, en was ek aan die - en ander twee Generale in die media beswadder.

[Ek moet vir u sê mnr die Voorsitter dit was regtig waar vir my 'n groot vernedering om as professionele polisiebeampte en veral waar ek my diens gelewer het, veral die 13 jaar in Soweto onder moeilike omstandighede, dat ek hier gekom het in 'n periode wat daardie inligting aan my gestel was sonder dat dit behoorlik gekwalifiseer was en dat my diens dan sommer so gekortwiek is en afgesny is].

Ek wil dan die volgende aan u behandel:

**The operations were under the command of Lieutenant General Basie Smit, now Deputy Commissioner of the South African Police and Major General Krappies Engelbrecht, now head of the Department of Counter Intelligence of the South African Police.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**Lieutenant General Johan le Roux had full knowledge of, and was involved in these activities.**

[Dit is die advokaat, advokaat Hattingh wat dit nou aan die getuie **Q** wat later bekend geword het Kaptein Klopper is, tydens sy kruisondervraging gestel het].

Advokaat Hattingh:

Kom ons neem dit maar stap vir stap, die eerste gedeelte - **The operations were under the command of Lieutenant General Basie Smit, now Deputy Commissioner of the South African Police.**

Klopper antwoord:

Edele weer eens, dit is nie die woorde wat van my gebruik is nie. Soos ek inligting gegee het aan Goldstone R, het hy self seker die verslag daarna opgestel en het hy sy eie woorde gebruik, maar dit is nie my woorde daar nie.

Advokaat Hattingh:

Maar het u vir hom inligting gegee tot die strekking dat hierdie operasie, hierdie trein en hostel geweld onder die bevel van Generaal Smit plaasgevind het.

Klopper antwoord:

Nee.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Advokaat Hattingh:

Maar die opskrif bokant hierdie paragraaf, ek het reeds aan gelees, dit sê: **Information furnished by Q, at the first meeting** - het u nie hierdie inligting gegee nie?

Klopper antwoord:

Edele nee - weer eens wat ek sê is ek gee inligting aan Goldstone R waarop hy dan die verslag geskryf het. So daardie presiese woorde is nie my woorde nie.

Advokaat Hattingh:

Vergeet van die presiese woorde, die strekking daarvan is dat Generaal Smit in bevel was van die trein en die hostel geweld.

Klopper antwoord:

Nee.

Advokaat Hattingh:

Dit het u nie gesê nie.

Klopper antwoord:

Nee.

Advokaat Hattingh:

Dan gaan dit soos volg: **And Major General Krappies Engelbrecht now Head of the Department of Counter Intelligence of the SAP.** Het u gesê dat die trein en hostel geweld onder die bevel - op bevel van en onder die opdrag van Smit en Engelbrecht geskied het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Klopper antwoord:

Nee Edele.

Advokaat Hattingh:

Weer eens het u nie die inligting gegee nie?

Klopper antwoord:

Dit is korrek, ja.

Advokaat Hattingh:

Dan die laaste sin van die paragraaf - **Lieutenant Johan Le Roux had full knowledge of and was involved in these activities.**

Klopper antwoord:

Edele, weer eens dit was nie die woorde wat ek gebruik het nie.

Advokaat Hattingh:

Het u enigsins kennis gedra daaroor of Generaal Le Roux geweet het van hierdie bedrywighede en daarby betrokke was?

Klopper antwoord:

Nee.

Advokaat Hattingh:

U het dit ook nooit gesê nie.

Klopper antwoord:

Nee.

Dan kom ons by die volgende passasie:

**Guns was initiated by Generals Basie Smit and Krappies Engelbrecht with the support of the INKATHA leaders referred to earlier for the purpose of orchestrating violence.**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Advokaat Hattingh:

Weer eens het u vir hulle gesê dat hierdie projek die vervaardiging van wapens geïnsinueer of van stapel gestuur is deur Generaal Smit en Engelbrecht?

Klopper antwoord:

Nee.

Advokaat Hattingh:

En dat hulle dit gedoen het met die ondersteuning van die INKATHA leiers na verwys hier bo, dit is nou Thema Khosa en Victor of Humphrey Ndlovu. Ek is nie seker watter ene nie.

Klopper antwoord:

Nee ek het nie van die Generale daar gepraat nie.

Advokaat Hattingh:

Sou dit dan nou inligting wees wat die twee Majore in die memorandum moes ingewerk het?

Klopper antwoord:

Nee soos ek gesê het, ek het met hulle gepraat en het ek vir hulle sekere inligting gegee en waarop hulle dan hulle eie woorde gebruik het om die memorandum te skryf. Ek het ook nie toe die memorandum klaar geskryf was, gesien voordat dit aan die Regter oorhandig is nie.

Advokaat Hattingh:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Mnr Klopper ek wil hê ons moet duidelikheid daaromtrent hê. Ek is nie soseer begaan oor die woorde wat hier gebruik word nie, dit gaan vir my oor die inhoudelikheid. Is die strekking daarvan korrek, kom dit van u af of is dit nie korrek nie?

Klopper antwoord:

Edele nee dit is nie die strekking wat ek gegee het nie.

Advokaat Hattingh:

So die inhoudelike is nie korrek nie?

Klopper antwoord:

Dit is korrek.

[Hier staan en dit gaan nou eise waaroor ek ook beswadder is mnr die Voorsitter dit is eintlik nie betrekking op die skending van menseregte nie].

**This means that Eugene received the original payout as well as the reward.**

Advokaat Hattingh:

So dit gaan oor geld wat verkry is deur toongeld aan te wend oënskynlik vir die aankoop van wapens en dan daarna 'n eis in te stel vir die beriggewer se inligting.

Klopper antwoord:

Ja dit is korrek.

Advokaat Hattingh:

En dit is hoe julle te werk gegaan het met die inhandiging van wapens.

Klopper antwoord:

Dit is korrek ja.

Advokaat Hattingh:

En dan omtrent daardie geld word daar dan gesê: **Basie Smit, Krappies Engelbrecht, Bertus Steyn, also shared in the money.**

Klopper antwoord:

O! nee ek kan nie dink dat dit so - ek weet nie dat dit so met hulle gewerk het nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Advokaat Hattingh:

Het u vir hulle gesê dat van hierdie geld wat julle daar in Hazyview ingesamel het op hierdie bedrieglike wyse, het Generaal Basie Smit, Engelbrecht en Steyn gedeel in die opbrengs.

Klopper antwoord:

Nee ek sou dit nie gesê het nie, want ek weet glad nie daarvan nie.

Advokaat Hattingh:

Maar waar kom hierdie here daaraan?

Klopper antwoord:

Soos ek vir u gesê het, ek het vir hulle inligting gegee soos ek vir u sê ek was nie by die insameling van die memorandum nie. Dit is moontlik dat hulle eie woorde ingevoeg het. Soos ek vir u sê ek weet nie hoe het hulle die ding opgestel nie, ek het dit nie gesien nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**The project which led to the manufacturing of guns was initiated by Generals Basie Smit and Krappies Engelbrecht with the support of the INKATHA leaders referred to earlier for the purpose of orchestrating violence.**

Advokaat Hattingh:

Het u dit vir die Majore gesê:

Klopper antwoord:

Edele soos ek sê, ek kan nie dink dat ek dit vir hulle gesê het nie. [Edele dit is in kort die getuienis van Klopper wat as **Q** bekend gestaan het, dit is ook die getuienis wat teen my ingebring was en dit was ook die beskuldigings wat voor my deur gelê was dat ek betrokke was by DERDEMAG bedrywighede . En ek wil vandag die kommitee hier weer die versekering gee soos ek dit vir meneer vir Regter Goldstone R gegee het. Ek is nie betrokke en was nog nooit betrokke by DERDEMAG bedrywighede nie. Ek sal ook nooit betrokke raak nie, ek is die persoon wat probeer het om hierdie land te stabiliseer darem immers voordat iemand kom en met sy gedrag of sy houding hier misdade pleeg wat ons in die probleem kan gebring het. Ek wil u die versekering gee en dit is op hierdie getuienis wat ek dan geskors is en my loopbaan kortgeknip was].

Dan ook met u toestemming mnr die Voorsitter was daar ook volgens die getuienis uitgekom dat ek ook as ek dit menseskending kan noem, betrokke sou gewees het by die dood van Brian Ngqulunga dat ek sou opdrag gegee het by die dood, dat hy moet doodgemaak word, dit is die Askari wat getuig het by die Harms Kommissie. Ek wil ook u verwys hier na oorkondes wat ek in die hande gekry het.

Ek beginne hier waar dit ook aan hom gestel word, dit is aan nou Nortje gestel word, tydens sy kruisondervraging deur mnr Hattingh en hy verwys hier na mnr Goldstone se - as voorsitter].

Nortje antwoord:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ja dit is die situasie, ek kan vir u wat ek sal vir die Staatspresident sê môre is dat daar voor die einde van môre namiddag moet die Generale Basie Smit, Engelbrecht en Le Roux **what is the word**.

Mnr Du Toit:

Geskors.

Sê die voorsitter - geskors word.

Nortje antwoord:

En ook dat die lede wat ons gaan noem van Vlakplaas en u naam en **Q** se naam sal daar wees.

Advokaat Hattingh:

Ek dink dit is nodig, ek sal dit graag wil hê.

Nortje antwoord:

Ja.

[Dit is veral hierdie stukkie waar die voorsitter sê en dit is nou meneer - advokaat Hattingh wat dit uithaal].

Advokaat Hattingh:

Wat ek sal vir die Staatspresident sê môre is dat daar voor die einde van môre middag moet die Generale Basie Smit, Engelbrecht en Le Roux geskors word.

Advokaat Hattingh:

Dit staan nou nie hier nie, maar dit is die effek daarvan, dit is die woord wat hy gesoek het, nou weet u voordat u nou begin praat dat die Kommissie soos wat dit op die oorkonde wil voorkom op

daardie stadium as 't ware hulle mes in gehad het vir die drie Generale, nie waar nie?

Nortje antwoord:

Dit is korrek.

Advokaat Hattingh:

En nou kom u en u inkrimeer juis een van daardie generals sonder om u antwoord enigsins te kwalifiseer?

Nortje antwoord:

Nee dit is reg, ek het dit nie gekwalifiseer nie, maar soos ek u sê ek het geweet Generaal Engelbrecht neem kennis van die voorval en Brigadier Nick van Rensburg. Ek kon sy naam mos nie - ek kon sy naam moes ek seker ook genoem het, maar dit is wat ek gesê het en ek glo wat ek op daardie stadium gedink het, dit is wat die geval was.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Advokaat Hattingh:

Ja maar mnr Nortje, u probeer dit nou verduidelik deur te sê u het geglo hy het kennis gedra van die gevalle en hy verwys nou na my.

Nortje antwoord:

Ja.

Advokaat Hattingh:

Maar dit is nie wat u sê nie, u verklaar op bls 102 en ek lees dit weer vir u.

[En dit is mnr Hattingh wat nou Nortje se verklaring aan hom lees].

Dit was net hy gewees, maar dit het ook van bo af gekom, want die Generaal het begin, Generaal Krappies het begin onrustig raak want Brian se kop het begin uit haak. So wat u hier sê is dat waar u praat van die besluit wat van bo af gekom het, die persoon bo volgens wat u hier sê is Generaal Krappies gewees.

Nortje antwoord:

Dit is die indruk wat ek onder gewees het op daardie stadium dat hy definitief geweet het van die voorval.

Advokaat Hattingh:

Ja en nou is u onseker daaroor.

Mnr Nortje:

Soos ek gesê het hoekom ek onseker was, dit was omdat ek - wel ek was onder die indruk dit was Generaal Engelbrecht wat op daardie stadium beheer was, want hy was ook onrustig gewees. Ek bedoel hy was een van die persone gewees wat daar was, maar ek dink op daardie stadium was dit gewees toe Generaal Nick Van Rensburg dalk net besig was om weg te gaan of op pad was, dat Generaal Engelbrecht sy plek sou vat. Dit is hoe ek dit verstaan het.

Advokaat Hattingh:

Ons praat nou hier van Julie 1990 nie waar nie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Mnr Nortje:

Ja.

Advokaat Hattingh:

En u weet tog dat Generaal Engelbrecht het - het bevel oorgeneem betrekking kort voordat die eenheid nou finaal ontbind is, nie waar nie?

Mnr Nortje:

Voor die eenheid ontbind is.

Advokaat Hattingh:

Ja voor '93.

Mnr Nortje:

Nee ek weet nie.

Advokaat Hattingh:

U weet nie, maar ons praat van die tydperk van gebeure wat plaasgevind het [onduidelik] in die Harms Kommissie se ondersoek nie waar nie.

Mnr Nortje:

Ja.

Advokaat Hattingh:

En u het tog geweet dat Generaal Engelbrecht was betrokke by die ondersoek vir doeleindes van die Harms Kommissie se ondersoek nie waar nie?

Mnr Nortje:

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Dit is korrek.

Advokaat Hattingh:

Nou terwyl u dit geweet het dan moes u moet besef het hy was nog nie by Vlakplaas gewees nie.

Mnr Nortje:

Ja.

Advokaat Hattingh:

En as die besluit dan nou van Hoofkantoor af gekom het, dan sou dit nie van hom af gekom het nie.

Mnr Nortje:

Ja wel dit sal nie direk seker van hom af gekom het nie.

Advokaat Hattingh:

Nee.

[Ek wil net graag dit ook aan die Kommitee voorhou mnr die Voorsitter.

**CHAIRPERSON**:

Excuse me - sorry to interrupt you, it's just gone half past eleven - en miskien kan ons 'n pouse hê - dankie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Baie dankie. **... einde van Band 1, Kant B**

ondersoek van sake om seker te maak dat daar - daardie ondersoeke nerens kom nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek persoonlik dra nie kennis daarvan nie. Dat dit moontlik kon bestaan het, is moontlik ek weet nie, maar ek persoonlik dra nie kennis daarvan nie.

**ADV GOOSEN**:

Die voorval by Nelspruit waar Eugene de Kock en sy manne betrokke was asook lede van die Moord-en-Roof-eenheid waar vier persone in 'n hinderlaag in gelei is en is doodgeskiet en 'n vyfde persoon is toe later, dis 'n welbekende saak. Wie was die ondersoekbeampte in daardie geval gewees - dra u kennis?

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek dink, ek is nie seker nie, maar ek dink dis 'n offisier van Nelspruit gewees self.

**ADV GOOSEN**:

Die verklarings wat afgeneem is van die Vlakplaas lede, wie het daardie verklarings afgeneem?

**GEN ENGELBRECHT**:

Die verklarings was deur die lede self verstrek, waarna dit - as nadat hulle dit verstrek het na my toe gekom het, waar ek gekyk het na die terminologie dat dit reg is en dat dit genoeg inligting bevat wat verband hou met die skietvoorval daar en die omstandighede. Waarna dit as daar 'n korreksie moet - enige korreksie moes aangebring gewees het dat dit gedoen word, waarna hulle dit weer aan die

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Regsafdeling waarvan daar by my 'n komponent gewees het, ook aan hulle voorgelê word om uit 'n regsoogpunt te bekyk of die verklarings volledig genoeg is.

**ADV GOOSEN**:

Die offisier van Nelspruit wou die verklaring self afneem in Nelspruit is dit reg?

**GEN ENGELBRECHT**:

Meneer nee, al wat ek kan vir u - ek kan u verwys - ek kan u verwys na die oorkonde want ek het ook - want ek weet tydens die getuienis was daar bewerings teen my gemaak dat en tydens die Goldstone ondersoek was daar bewerings gemaak dat ek sou gegaan het na die toneel toe, en daar sou ek die toneel gaan reg rangskik het sodat die toneel pragtig kan in pas met wat die lede beweer daar plaasgevind het.

Nou wil ek vir u sê dit is ook nonsense, dit is verkeerd. Ek het - ek het wel die oorkonde gekry en na die skietvoorval was daar twee - Luitenant/Kolonelle - onpartydige lede op die toneel gewees en hy het onmiddellik het hy gevra dat daar besonderhede aan hom verstrek moet word, geskrewe besonderhede van wie - wat is die omstandighede van die skietvoorval wat aanleiding gegee het en wat het daar plaasgevind. En hy het 'n geskrewe verslag gegee wat daar plaasgevind het en daarvolgens is 'n skietvoorvalverslag opgestel, onmiddellik en dit was versend gewees.

Ek was wel op pad na Skukuza toe gewees waar ek die oggend tienuur by die Streeks Kommissaris van die Oos Transvaal, Generaal Van Zyl 'n voorskou vergadering bygewoon het ten opsigte van aspekte wat ons met die Weermag in

die Wildtuin gaan bespreek waar daar bewerings is van wapensmokkel van Mosambiek, via die Wildtuin. En ek het eers omtrent twee-uur - 14:00 het ek op die toneel gekom, want ek met hom verbyry, daar is nie jy moet daai pad ry en die brug is onder deur.

En daar het ek die Kombi gesien en ek het net vir 'n wyle soontoe gegaan en ek het met Kaptein Geldenhuys gepraat wat daar gewees het en ek is daarvandaan af terug - weg na Skukuza toe.

Maar ek wil graag, ek wil net kyk - ek wil graag vir u die voorlopige verslag gee of dan die getuienis vir u uitlees uit die oorkonde uit dat u kan sien weer eens waar daar mense kom doelbewus om my swart te smeer.

**ADV GOOSEN:**

Kan ek u net vrae waarom dit nodig was gegewe die feit dat u nie betrokke was by die ondersoek van daardie geval, waarom dit nodig was dat u die verklarings wat opgestel is deur die lede onder oë moes hê.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit is opdrag in aanleiding van verklaring wat in die verlede opgestel was, was onvolledig gewees en daar was gekla gewees, ek dink deur die PG se kantoor as ek kan reg onthou dat die verklarings is baie bondig en dit moet uit - meer uiteensettings gee van die toneel wat daar plaasgevind het en daarom was dit nodig gewees dat die verklarings eers na my toe kom. Daarna na die Regsafdeling toe gaan om te kyk daarna.

**CHAIRPERSON:**

**Advocate I think it would be a good point for us to adjourn**, ek dink ons is 'n bietjie honger - miskien kan ons middagete geniet **and we will - we will return at quarter to two - thank you very much.**

**MEETING ADJOURNS** **ON RESUMPTION**

**CHAIRPERSON:**

I want us to resume - advocate Goosen.

**ADV GOOSEN:**

**Thank you very much Mr Chairperson.**

SAHA

Generaal ons is besig om te handel met die Nelspruit insident - die vraag was ek dink u was nog steeds besig om dit te beantwoord. Waarom dit nodig was vir u die - dat u die verklarings wat opgestel is deur die Vlakplaas lede onder oë moes hê alvorens dit deurgestuur word na die ondersoekbeampte wat besig was met die ondersoek van daai saak?

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek - ek het reeds mnr die Voorsitter ek het reeds 'n verduideliking gegee op die - in die opsig, ek sal dit weer gee. Ek was inderdaad voor verdaging net op die stadium gewees om na die oorkonde van De Kock se saak te gaan waar die Nelspuit voorval ook behandel is en waar ek geïmpliseer was deur sekere lede en wat ongetoetste inligting aan Regter R Goldstone gegee het. En ek dit net weer vir

u dan uitgewys het hoe gevaarlik dit is om weens ongetoetste inligting sommer 'n bevinding te maak.

Ek wil dan ook graag net vir u voorlees hier uit die oorkonde uit. Die advokaat van De Kock, advokaat Hattingh maak die volgende stelling aan die getuie Nortje:

Hattingh:

**Kan ek net terugkom na Generaal Engelbrecht toe, net voor ek daarvan vergeet. Hy het toevallig daar aangekom of was hy ontbied gewees?**

Nortje:

Nee sover ek weet was hy ontbied gewees.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Hattingh:

**Ontbied gewees?**

Nortje:

Iemand het hom gebel, ek weet nie of dit die beskuldigde was of wie nie en vir hom gesê dit is wat gebeur het en hy het afgekom saam met...[tussenbeide]

Hattingh:

**Waarom was dit nodig dat hy ontbied sou word?**

Nortje:

Nee ek weet nie hulle het hom seker maar gebel en gesê wat gebeur het en hy het gesê hy kom daar aan, want hy was ook in elk geval op pad Wildtuin toe gewees.

Hattingh:

**Julle het hom nie nodig gehad om toe te smeer of iets van die aard nie, het julle?**

Nortje:

Nee.

[Nou plaas die beskuldigde se advokaat 'n dokument voor Nortje met die volgende strekking]

Hattingh:

**Thereafter the accused is blown up with explosives, [Buda, Witchsnor and David bring through from Pretoria on Eugene's orders. Colonel Dan Alberts wants to know what the truth situation is, Krappies Engelbrecht come from Pretoria to clear up the situation]**

**Dit skep die indruk dat Kolonel Alberts nie gelukkig was nie en wou weet wat het nou werklik hier gebeur omdat hy die houding ingeslaan het - is Generaal Engelbrecht ontbied om die aangeleentheid op te klaar, stem u saam?**

Nortje:

Nee ek stem nie saam daarmee nie.

Hattingh:

**Nou hoe sien u hierdie stelling dan?**

Nortje:

Nee dit is wat Klopper gesê het dit is seker wat hy gedink het wat gebeur het, maar dit is nie wat ek...[tussenbeide]

Hattingh:

**Ekskuus ek verstaan u verkeerd. My vraag aan u is as 'n mens hierdie stukkie lees wat ek so pas aan u gelees het, dan skep hierdie stukkie die indruk dat Kolonel Alberts ongelukkig was en nie tevrede was met wat daar aan hom gesê was en so meer nie.**

**Hy wou weet wat werklik gebeur het en omdat hy die houding ingeslaan het, is Generaal Engelbrecht laat kom om die situasie te probeer opklaar, stem u saam? Dit is die indruk wat hierdie stelling skep.**

Nortje:

Ja dit is reg.

Hattingh:

**Maar u stem nie saam dat dit die waarheid was nie?**

Nortje:

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Nee dit is nie hoe ek die storie het nie.

Hattingh:

**U sê op 'n stadium daag hy daar op, watter stadium was dit nou gewees?**

Nortje:

Dit was so ongeveer tienuur die oggend gewees skat ek - dit kon dalk 'n bietjie vroeër gewees het ook.

[Kan u sien hy het nie feite nie, sy feite is ver weg van die werklikheid, want tienuur die oggend toe is ek nog in 'n vergadering besig by die Streeks Kommissaris van Oos Transvaal.

Maar ek wil verder aangaan vir u, as u my gaan toelaat mnr die Voorsitter - dit is nou die ander getuie, dit is Geldenhuys wat in beheer was van die optrede en hy gee die volgende verduideliking].

Geldenhuys:

Ek weet ek en Holtzhausen spesifiek was daar.

[Dit is nou by Kolonel De Kock se grasdakhuis waar die verklarings na bewering nou vervals sou gewees het deur myself]

Gouws, maar ek kan nie onthou watter van die ander lede almal daar was nie, het om 'n tafel gesit en ons verklarings geskryf sodat die verklarings 'n redelike sameloop van omstandighede kon hê, nie uiteenloop nie, en dit was daarna vir die tiksters van Kolonel De

Kock gegee om te tik, ek en Holtzhausen het later dit geneem na Generaal Engelbrecht toe waar dit vir hom gegee was en hy weer korreksies aan dit aangebring het.

[Dan kom ons by Kolonel Alberts wat die toneel besoek het en dit word aan hom gestel die volgende].

Hattingh:

**'n Vorige Staatsgetuie het na vore gekom en gesê hy is in bevel daarso...**

[Dit is nou Kaptein Geldenhuys wat na bewering gekom het op die toneel toe Alberts daar gekom het en vir hom gesê het - hy vra wie is in bevel, en hy sê hy is in bevel].

Dit is Kaptein Geldenhuys op daardie stadium.

Alberts:

Dit is reg, ek het ook gevra wie is die senior lid hierso in bevel, toe het hy gesê hy is in bevel daar.

Hattingh:

**Het u vir hom gevra wat hier plaasvind?**

Alberts:

Dit is reg en hy het sy weergawe daar vir my gegee. Omdat daar 'n klomp manne op daardie toneel op daardie stadium was, het ek hom gevra hoor hier, hy moet vir my data gee wie betrokke is en ek wil 'n verslag saamstem en hy het dit toe gedoen, ek praat onder korreksie

as ek sê hy het dit self gedoen, dit kan hy wees of daar 'n Luitenant Klopper wat die skryfwerk gedoen het, maar ek dink dit was Kaptein Geldenhuys self.

Hattingh:

**Is dit die opstel van die sogenaamde skietverslag?**

Alberts:

Nee daardie is 'n voorlopige misdaadverslag wat maar basies dieselfde is wat opgestuur word na die Streeks Kommissaris toe.

Hattingh:

**Wat is die belang van so 'n verslag?**

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Alberts:

Wel uit die aard van die saak - uit die insident, te rapporteer dat die hoofde kan kennis dra van wat aan die gang is, in die streek.

Hattingh:

**Wat is van belang in so 'n verslag?**

Alberts:

Die feite wat daar plaasgevind het, mense wat gedood is, persone wat beseer is, polisiemanne is betrokke of daar skade is en daardie klas van goed Edele. Wie geskiet het en wie die skut was natuurlik.

Hattingh:

**Ek kan net sê mnr Geldenhuys het getuig dat dit sy handskrif was en dat hy geskryf het.**

Nou Edele - ag mnr die Voorsitter ek het daarin geslaag om 'n afskrif te kry van daai voorlopige verslag. En hierdie voorlopige verslag strek 100% saam met die lede se verklarings wat daar plaasgevind het. So as daar dan nou moet 'n vervalsing of ons sê 'n toesmeerdery moes plaasgevind het, dan moes dit plaasgevind het voordat hierdie verslag die lig gesien het sodat die lede se verklarings dan kan reg gewees het. En op daardie stadium was ek onbewus gewees 2:30 in die môre dat daar so 'n skietvoorval plaasgevind het.

Maar ek wil net graag nog 'n passasie of twee vir u lees. Dan vra die advokaat van De Kock:

Hattingh:

**Het u vir Generaal Engelbrecht op enige stadium op die toneel gesien?**

Alberts:

Glad nie Edele, nooit.

En dan die volgende - die ondervraging deur mnr Ackerman hy is die Staatsadvokaat gewees.

Ackerman:

**Kolonel is daar die oggend van 26 Maart '92 verklarings geneem van die lede wat geskiet het?**

Alberts:

Nee ek het aangedring dat daar verklarings geneem moet word van die lede wat betrokke was daar. Ek het vir die ondersoekbeampte gesê dat daar tafels aangery kan word om onder die brug 'n basiese kantoor in te rig sodat die verklarings daar en dan geneem kan word. Maar Kaptein Geldenhuys het my meegedeel hulle is moeg, hulle het die hele nag gewerk en ook is dit so dat van die ander lede nie daar by was nie. Dus het hy gesê hulle sal terugkom Pretoria toe, hulle sal die goed voorberei en die ondersoekbeampte kan deurkom en die verklaring kan met hom saam deurgegaan word en dan kan hy dit - dan sal hy - hulle dit verskaf.

Dit lyk vir my op die stadium mnr die Voorsitter dis eintlik al wat ek wil vir u weer voorlees dat weer eens was ek hier beswader gewees sonder dat die regte feite aan die lig gekom het. Ek is bereid om hierdie dokument ook aan u te gee vir verdere ondersoek.

**CHAIRPERSON**:

Could I just ask one little question - you were not at the scene of this incident?

**ADV GOOSEN**:

**Never** - nee - ekskuus - ekskuus mnr die Voorsitter.

**CHAIRPERSON**:

Yes.

**ADV GOOSEN**:

**I cannot say never** - ekskuus ek was twee-uur die volgende dag, ek meen **the incident happens at 2:30 and I came there at two...[intervention]**

**CHAIRPERSON**:

So that you didn't...[intervention]

**ADV GOOSEN**:

And I came there at two o'clock the afternoon.

**CHAIRPERSON**:

You didn't know the facts of the episode.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**CHAIRPERSON**:

Then how do they give you a report of the incident and you are able to make corrections when you are not aware of the facts.

**ADV GOOSEN**:

Na die - na die skietvoorval, daardie oggend vroeg nog, is hierdie verslag deurgestuur ook na onder andere na my toe wat die bevelvoerder is van C-seksie. En dis waarom ek vir hulle gesê het - hulle verklarings in kry, dan kry ek die verklarings en ek kyk net of die feite korrek ooreenstem en of dit darem ordentlike verduideliking kan gee, dit is hoe ek geweet het van hierdie skietvoorval dan later aan.

**ADV GOOSEN:**

Dankie Generaal, kan ek net die - wat u nou net so pas gesê het daardie verslag is deurgestuur na u toe, wanneer die dag?

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek - ek was vir die - ek weet nie wanneer hy deurgekom het nie, maar hy was beskikbaar toe ek van die Wildtuin af gekom het.

**ADV GOOSEN:**

Goed.

---

**GEN ENGELBRECHT:**

Was hy beskikbaar, ek het die nag oorgeslaap in die Wildtuin en die volgende dag was ek kantoor toe gewees en ek dink die - ek is nie seker nie, die dag daarna of die week daarna, vroeg die week daarna was hy beskikbaar gewees, want uit die aard van die saak moet hierdie inligting omdat dit Veiligheidspolisiemanne ook is wat betrokke daarby is, moet dit na die Hoof van die Veiligheid toe ook in gaan.

**ADV GOOSEN:**

So verstaan ek u reg dat een van die redes waarom u die verklarings onder oë wou gehad het was om seker te maak dat die feite in die - daardie verklarings uiteengesit word in dieselfde detail as wat dit in daardie verslag uiteengesit word.

**GEN ENGELBRECHT:**

U sal vind dat die verslag is party kere baie bondig, maar dat die verklaring meer inligting moet gee ten opsigte wat aanleiding gegee het en tydens waar het wie gestaan ensovoorts to die skietvoorval plaasgevind het u sien. So u sal vind daar sal 'n verskil wees wat dit aanbetref, maar - maar dat die inligting moet korrespondeer in die breë trekke met mekaar met hierdie inligting wat reeds dan verskaf is.

**ADV GOOSEN:**

Ek sien, en as dit - as dit nie ooreenstem nie, sal u met my saamstem dat dit 'n basis sou wees vir die ondersoek wat sou volg op die dood van die persone in daardie insident, daar sou 'n nadoodse ondersoek natuurlik gewees het.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT:**

Dis korrek.

**ADV GOOSEN:**

Die vyf persone wat dood is - en indien daar enigsins 'n verskil sou wees tussen die feite uiteengesit in daardie verslag en die feite - hoe bondig dit al mag wees, en die feite wat uiteengesit word in die verklarings dan sou dit daardie verskil - sou relevant wees vir die nadoodse ondersoek.

**GEN ENGELBRECHT:**

Tot 'n mate ja.

**ADV GOOSEN:**

Ja en as daar geen verskil is nie, dan sou dit ook baie relevant wees vir die Voorsittende beampte in die nadoodse ondersoek.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek.

**ADV GOOSEN**:

Ja, is dit nie presies die punt nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee.

**ADV GOOSEN**:

Dat om seker te maak dat die verklarings ooreenstem met die verslag - die skietvoorvalverslag en indien 'n persoon seker maak dat dit wel ooreenstem dat dit dan ook verseker dat in die nadoodse ondersoek wat daarop volg, daar geen nadelige gevolgtrekking getrek kan word teen die persone wat verklarings afgelê het nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee ek stem nie met u heeltemal saam nie. Hierdie verslag vorm wel die fondasie van verklarings wat moet volg daarop, want uit die aard van die saak toe die insident plaasgevind het, was dit vars in die geheue van die persone wat betrokke was en daarom het hulle gegaan en dit onmiddellik op skrif gestel. Wie betrokke was by die skietvoorval en wat aanleiding daartoe gegee het.

Sou daar nou 'n verandering kom om te sê dat iemand gee 'n verklaring wat teenoorgestelde is, dan hierdie verslag. Uit die aard van die saak sal daar 'n



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

moord dossier oopgemaak word en verder aan sal hy aangekla word. Dit is eintlik wat dit op neerkom.

**ADV GOOSEN**:

Maar dit is presies die punt nie waar nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

So die feit bly staan dat die verklarings geformuleer is deur hulle soos wat ek hier vir u uitgelees het en toe vir my klaar gebring was waar ek dit net nagesien het om te kyk is dit breedvoerig genoeg uiteengesit, baie kere kry ek - is die ondervinding dat baie lede vernaam jong lede - ag hulle is baie kripties moet 'n verklaring en die inligting wat hulle gee is verskriklik kripties. En dan het jy 'n probleem want die aanklaer wil nie so kripties nie, as hy 'n ding het dan wil hy hom ordentlik deurlees ensovoorts en dit is hoekom ek dit - toe dit - hoekom dit ingebring is dat die verklarings in die toekoms voordat dit ingesit sal word, sal dit eers by my kom om te kyk of dit reg is en daarna aan die Regsafdeling gegee word.

**ADV GOOSEN**:

Goed, Generaal die doelwit wat u gehad het om seker te maak dat die verklarings nie te bondig is nie, dit kan ek verstaan en dit mag wel wees dat dit baie - 'n baie goeie doelwit is vir die redes wat u nou so pas uiteengesit het. Maar u sal seker met my saamstem dat dit - daardie praktyk skep die moontlikheid dat daar met die verklarings gepeuter kan word en dat daardeur die moontlike verskille wat sou opduik waar persone nie die waarheid vertel ten opsigte van wat gebeur, dat dit skep dan die moontlikheid dat die Voorsittende beampte by 'n nadoodse

ondersoek nie by die korrekte feite sal kan uitkom nie. Dit skep daai moontlikheid nie waar nie?

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee - die feit bly staan die persoon of persone wat betrokke is by die skietvoorval, uit die aard van die saak toe hulle betrokke was by die skietvoorval, het hulle hierdie verslag voltooi en hierdie verslag is ingesit. Hulle verklarings het hulle self geformuleer in die lig van die verslag wat dan gekom het. Ek - my doel was net om te sien dan eerste instansie of dit in breë darem strook met wat daar plaasgevind het. Sou ek agtergekom het maar hier is fout, sou ek self opgetree het.

Ek sou self gesê het maar hier is groot fout, hier moet onmiddellik nou moet daar dringend ondersoek, hetsy dan deur my of deur die ondersoekbeampte kom en sê maar hier is fout, hierdie mense se verklarings verskil hemelsbreed van die feite wat daar plaasvind.

**ADV GOOSEN**:

Ja maar nou...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Maar die feit bly staan dit is nie nodig om - dit is waar, waar party kere die terminologie - ek praat anderste - u praat anderste, die Voorsitter praat anderste, ons gebruik soms verskillende terminologie - dat die terminologie darem in mekaar pas, dit is wat dit is.

**ADV GOOSEN**:

Goed nee ek verstaan - ek verstaan dat uit 'n beginsel oogpunt gesien, is dit korrek dat die prosedure maak dit miskien makliker of - dat dit moontlik is dat jy daardie - of dat jy seker maak - ek vra om verskoning, dat jy seker maak dat die verklarings nie so bondig is soos wat daar uiteengesit word nie. Dat jy - dat jy korrek optree, maar dit is net so moontlik - dit is net so moontlik dat daardie prosedure wat gebruik word, misbruik kan word.

**GEN ENGELBRECHT**:

U sien as hy misbruik word in die sin dat - dat die verklarings wat die persone nou insit, na die skietvoorval - dat die - dat die verklaring hemelsbreed verskil met die - met die oorspronklike weergawe van wat daar plaasgevind het. Dan sal dit maklik opgemerk word en dan kan daar maklik opgetree word.

Maar die verslag wat gegee word, u sien die kruks van 'n skietvoorval is toe dit plaasgevind het. Die - dit is die kruks, wat het aanleiding daartoe gegee, met ander woorde die lede wat betrokke was daar, as hulle dan nou wil gefouteer het, dan moes hulle of kom ons sê as hulle nou wil die ding - die toneel in hulle guns laat swaai het, dan moes hulle al daar leuens vertel het en dan moes daai eerste verslag moes dan leuens bevat het, sodat hy weet ek het nou verkeerd opgetree, ek moet nou by daai leuens hou en dit is die leuens wat - wat dan opgeskryf is, kan - vat u my punt.

**ADV GOOSEN**:

Nee ek verstaan dit.

**GEN ENGELBRECHT**:

En dit is waar dit op kom, so die kruks van die saak is, is hier kom jy iemand en hulle sit die verslag op - hulle gee hom aan die offisier wat die toneel besoek. Wat meer is, selfs die offisier wat die toneel besoek hy is die persoon wat hom vergewis van die omstandighede ook daar, is dit - kan dit gebeur soos wat hierdie mense nou gesê het.

**ADV GOOSEN:**

Maar Generaal jy het baie jare ondervinding en jy het seker baie ure lank in 'n getuiebank spandeer as speurder - as Staatsgetuie in die vervolgings in sake waarby u betrokke was.

En u sal verstaan dat as 'n persoon op 'n stadium verkeerde inligting in 'n verslag sit en op 'n latere stadium dieselfde weergawe in 'n verklaring sit, dat dit baie maal gebeur dat dit moontlik is om te bewys dat daar 'n leuen vertel is omdat die twee dokumente nie totaal met mekaar ooreenstem nie, aanvaar u daardie proposisie.

SAHA

**GEN ENGELBRECHT**:

Dit kan so wees ja.

**ADV GOOSEN**:

Goed, nou dit is presies die punt van die prosedure wat u gevolg het, dat u was in 'n posisie gewees waar u kon seker maak dat die leuens wat moontlik vertel was

in die eerste verslag, presies dieselfde leuens was wat vertel was in die verslae en in die verklarings wat opgestel was deur die lede wat betrokke was.

En ons weet dat die nadoodse ondersoek in daardie voorval het nie tot 'n vervolging gelei ten opsigte van die persone wat betrokke was.

**GEN ENGELBRECHT**:

Korrek.

**ADV GOOSEN**:

Ons weet vandag dat wat in daardie verklarings uiteengesit was nie die korrekte weergawe was nie, korrek? So dit het inderdaad so gebeur dat die eerste leuens is daar is seker gemaak dat daardie eerste leuens ooreengestem het met die tweede stel leuens.

Die verklarings wat u onder ons weet vandag dat wat in daardie verklarings uiteengesit was nie die korrekte weergawe was nie, korrek? So dit het inderdaad so gebeur dat die eerste leuens is daar is seker gemaak dat daardie eerste leuens ooreengestem het met die tweede stel leuens.

Die verklarings wat u onder oë gehad het, het leuens bevat, korrek?

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek.

**ADV GOOSEN**:

Goed, u was dan in 'n posisie gewees waar u lede wat onder bevel geresorteer het, u het 'n prosedure gevolg wat uit die aard van die saak seker gemaak het dat

die leuens wat hulle vertel het toe die skietvoorvalrapport opgestel is, presies dieselfde leuens is wat hulle vertel het in die verklarings wat hulle gemaak het, nie waar nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dit kan so wees meneer, maar dit - dit is nie soos wat dit by my plaasgevind het nie.

**ADV GOOSEN**:

Dit is so Generaal.

**GEN ENGELBRECHT**:

Wat ek net vir u wil sê is dit - die verklarings wat ek gekry het soos ek dit nou vir u uit die oorkonde geneem het nè, die verklarings is nie wesentlik - daar was nie verskille eintlik nie, dit is maar net soms die terminologie wat verkeerd gebruik was.

**ADV GOOSEN**:

Maar - goed...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

En daardie verklarings was reeds geformuleer volgens dit. U sien die punt - die punt wat u mis is dit, die onaf - onpartydige offisier of offisiere wat die toneel besoek moet hom eerste instansie vergewis van die feite wat daar plaasgevind het. Is daardie feite korrek, kan dit so plaasgevind het, soos wat die lede nou vir hom sê dit het plaasgevind en dan moet hy reeds daaraan - moet hy reeds - as dit nie so is nie, dan moet hy stappe neem.

Ek - al wat ek doen is, ek is in 'n administratiewe hoedanigheid.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek sit in 'n administratiewe hoedanigheid, die verklarings kom voor my - ek lees die verklarings deur, ek sien party se terminologie is nie reg nie, ek verander van die terminologie en ek kyk net of die inhoudelike dalk strook darem in breë trekke met hierdie dokument.

**ADV GOOSEN**:

Generaal met respek dit is op u weergawe.

**GEN ENGELBRECHT**:

H'm - dit is meneer.

**ADV GOOSEN**:

Dit is op u weergawe dat u net administratief handel met dit.

**GEN ENGELBRECHT**:

Het u feitlike getuienis...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:

Maar die feit van die saak is - die feit van die saak is dat ons nou op 'n - in twee gevalle is u in 'n posisie waar u verklarings prosesseer waar die feite wat uiteengesit word, lei tot die misleiding van die regspleging - in twee gevalle.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Eerstens en ons weet van die Harms geval en u het u weergawe uiteengesit ten opsigte van wat u daar gedoen het. En ons weet nou ook van die posisie in die Nelspruit aangeleentheid.

Sou u nie sê dat as 'n bekwame en ervare polisieman dat dit vir u kommerwekkend is dat u op twee geleenthede van wat ons weet en daar is ander miskien, maar ons kan daarby kom, op twee geleenthede is u in 'n posisie geplaas waar u deur die prosessering van daardie verklarings en inligting wat ingekom het, daar deur u die regspleging geskend is.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee ek - u - eerste instansie u moet met feitlike inligting kom, u moet nie met - ook weer met weergawe kom wat nie gestaaf is nie. Die eerste geval van die Harms Kommissie, daar was die eerste ondersoek gehou gewees deur advokaat McNally en Generaal Conradie en daai verklarings is geformuleer in hulle teenwoordigheid wat daar geneem was.

So met ander woorde die stelling wat u maak is nie korrek nie.

Die tweede geval stem ek ook nie met u saam nie, want die feit bly staan as u vir my sê u het feitlike inligting wat u dit nou kan aan my stel dit het so plaasgevind, dan sê ek ook vir u dit is nie so nie. Want u - u kom nou met 'n weergawe wat nie 'n feit is nie, maar u kom stel dit aan my as 'n feit en dit is nie korrek nie.

Dit is dieselfde wat gebeur met Klopper by die Goldstone Kommissie het hulle dit as 'n feit loop stel en toe hy onder kruisverhoor kom, toe is dit nie 'n feit



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

nie. So ek vra op hierdie stadium as u 'n feit het dan, stel dit aan my as 'n feit asseblief, maar dit is nie - dis nie soos wat dit gebeur het soos wat u wil insinueer dit gebeur het nie.

**ADV GOOSEN**:

Nee.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek sê vir u dit is wat die doel was - ek het nie met 'n - enigsins met 'n krimilateitsbrein gegaan en verklarings loop skryf of verander nie, sodat dit kan inpas by lede se weergawe nie.

Volgens my is die weergawe plaasgevind daar op die toneel, toe die mense daar geskiet het en dit is waar die punt gekom het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

En die weergawe van die persone wat betrokke is, is dat u opdrag gegee het dat daardie verklarings eers na u toe moet gaan, sodat u hulle kon deurgaan, alvorens hulle gegaan het na die ondersoekbeampte wat met daardie saak betrek was.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja en ek het u verduidelik - ek het u verduidelik hoekom dit ook gedoen is.

**ADV GOOSEN**:

Ja, u gee u weergawe daaromtrent. Maar die weergawe van die persone wat in die - in verband met daardie insident getuienis afgelê het by die De Kock verhoor is dat u opdrag gegee het dat daardie verklarings eers na u toe moet kom en u het veranderings aangebring, alvorens dit gegaan het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek het mos vir u gesê hoekom ek veranderings aangebring het.

**ADV GOOSEN**:

Nee ek aanvaar dat dit is die weergawe wat u gee, ek stel net aan u, die feite - die feitlike weergawe van die getuies wat in die De Kock verhoor getuienis afgelê het ten opsigte van wat daar gebeur het en ek vra die vraag - ek vra die vraag of u nie...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Insinueer - insinueer u dan nou dat ek hierdie verklarings so verander het omdat ek in besit was van hierdie, sodat dit die lede kan bevoordeel het, ek vra.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

Ek vra die vraag of u dit gedoen het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek het dit nie gedoen nie.

**ADV GOOSEN**:

H'm goed,

**ADV NTSEBEZA**:

Ja but do you accept what he is putting to you that in spite of what you say, and what you say is just what you say, all thought you know you say a lot of things under oath. But we accept that the fact of the matter is that before those statements went to the prosecutorial authorities, you had given an order that they

must be given to you so that you can [indistinct] them. Is that what you had said in your evidence.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek wil net graag - ek wil graag die Kommissie ook wys daarop, dit het nie net betrekking gehad op hierdie insident nie.

**ADV NTSEBEZA**:

Yes, I...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Dit het betrekking op al die insidente wat daar is.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV NTSEBEZA**:

I am talking about this incident.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja - nee maar ek sê mos maar die vraag wat u stel is sodanig dat dit blyk asof dit net op hierdie insident is, dit is nie net op hierdie insident nie.

**ADV NTSEBEZA**:

No - no - I think there are only two instances which he has referred to. He has referred to the Harms Commission insofar as you had been dealing with the advocates there.

But I am asking specifically with this particular question, the Nelspruit thing, do you accept that the statements, because this is what I understand him to be

putting. The statements that eventually landed with the prosecutorial services, were statements that had been [indistinct] by you. On your instructions, that before they go out, they must come to you.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja en van my af is dit na die Regsafdeling toe om op 'n regsoogpunt te kyk of die verklarings voldoen aan die geregtelike ondersoek wet.

**ADV NTSEBEZA**:

But it could have been for other reasons - you are a human being. For instances let's say I am not saying that you are, let's say that you deliberately wanted to mislead the prosecutions, for whatever reasons, you were placed in a position where you could have done so.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee.

**ADV NTSEBEZA**:

And that an inference could be drawn from the fact that you ordered that before they can be sent to the prosecuting authorities, they must come to you first.

**GEN ENGELBRECHT**:

Die kruks van die saak is wanneer die insident plaasgevind het, daar - as daar 'n kriminaliteit of as daar 'n toesmeerdery daar plaasgevind het, dan sal ek dit nie weet nie, maar die offisier wat die toneel kom besoek, in hierdie geval was daar twee luitenant Kolonelle, hulle het hulle vergewis van die omstandighede.

En volgens hulle, het die insident plaasgevind soos wat hierdie lede dit opskrif vir hulle daar gestel het, dit is die kruks van die saak.

**ADV NTSEBEZA:**

Thank you.

**ADV POTGIETER:**

Thank you Chairperson.

Generaal, waarom het u die opdrag gegee in die betrokke geval dat die verklarings moet na u toe kom.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek sê weer mnr die Kommissaris, u sien dit is nou - dis waarom ek dit gesê het, dit lyk vir my die vertolking nou hier is - is dat dit nou net hierdie insident is wat die opdrag gekom het, dit is nie so nie. Toe ek amptelik oorgeneem het die C-groep, toe het ek gesê waar enige lid by enige skietvoorval betrokke is, dan moet hulle daardie verklarings moet na my toe kom, dat ek dit eers kyk daardie verklarings. Dit is 'n algemene opdrag gewees, dit was nie net 'n spesifieke opdrag op een insident gewees nie.

**ADV POTGIETER:**

So dit was die praktyk gewees - u het dit gevolg.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit is die praktyk, dit was die praktyk.

**ADV POTGIETER:**

In elke saak?

**GEN ENGELBRECHT:**

In elke saak wat u daar sê is korrek.

**ADV POTGIETER:**

Nou verstaan ek u ook reg dat u het inderdaad, verklarings wat al klaar onderteken was...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee.

**ADV POTGIETER:**

Nog nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee - nee die verklarings is nie onderteken nie - nee dis maar net die pro forma, dis maar dieselfde soos wat 'n regsverteenwoordiger 'n verklaring sal - sal opstel, dit is in 'n basies nog nie eers 'n verklaring nie, maar hy is darem in pro forma opgestel u sien, hy is nie geteken nie, hy is nie ingesweer nie, niks nie. Dit is dieselfde en ek het dit gesien by die regsverteenwoordigers, hulle doen dit ook. Hulle vat 'n verklaring hulle stel 'n verklaring op, en dan prosesseer hulle hom lateraan heeltemal korrek, totdat hulle tevrede is en dan laat hulle hom teken en laat hom insweer ensovoorts en dis dieselfde wat hier gebeur het.

**ADV POTGIETER:**

Maar het dit u nooit opgeval dat deur daai praktyk te volg, u, uself kan onbewustelik kan laat intrek in 'n situasie waar daar 'n skending van die reg plaasvind soos advokaat Goosen aan u gestel het, want watter - watter doel eintlik dien u rol wat u speel as u nie persoonlik kennis het van die toneel nie en u gaan geheel en al op daai eerste verslag wat u kry.

As u nie agter daai verslag ingaan nie, dan is die moontlikheid mos altyd daar dat u nou ingetrek gaan word in 'n skending van die reg en 'n spul leuens soos dit inderdaad gebeur het. Het dit u nooit opgeval nie?

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee dit het nie, ek is nou baie eerlik met u, dit het nie my opgeval nie, u weet ek was altyd soos ek reeds gesê het ek het die onus van die eerlikheid geplaas op die onafhanklike offisier wat die toneel besoek. As daar darem regtig waar ongrymdheid plaasgevind het, dan verwag ek darem dat hy, sal dit raak sien wat op die toneel is.

**ADV POTGIETER:**

Dit is [onduidelik] so u was [onduidelik] u is baie diep geskok deur die situasie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit is.

**ADV POTGIETER:**

Want die eerste offisier is ook deel van hierdie situasie gewees eintlik.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek. Ek voel teleurgesteld omtrent dit, ek sê u regtig waar dit is so.

**ADV POTGIETER**:

Dankie.

**ADV GOOSEN**:

Generaal net laastens op daai - op daai punt, is daar enige rede waarom dieselfde prosedure nie gevolg kon word deur opdrag te gee dat die konsepverklarings eers oorhandig word aan die Regsafdeling wat ook aan u beskikbaar was op daai stadium.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ag dit kon seker gewees het, dit kon seker gewees het, maar ek het dit nou op my verantwoordelikheid geneem om te sê dat dit eers na my toe kom, dat dit geprosesseer is en dan gaan hy na die Regsafdeling ook nog nie geteken nie, ook in 'n pro forma stadium, gaan hy na die Regsafdeling toe om te kyk of hy reg is.

**CHAIRPERSON**:

Could I just ask one question, I am a little concern - well maybe clarification for me, you said all instances where officers under you - were involved in shooting.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek.

**CHAIRPERSON**:

How many such incidents would have been your experience?

**GEN ENGELBRECHT**:

Mnr die Voorsitter ek weet nie, ek moet nou uit die vuis uit praat, ek kan wragties nie vir u sê nie, hoeveel hulle by betrokke was nie, maar dis nie baie nie. Waarvan ek weet is nie baie wat in dinges betrokke was nie.

**CHAIRPERSON**:

You were not concerned about statements that they made of other incidents in which they were involved, which were not shooting incidents.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee - mnr die Voorsitter ek volg nie u vraag baie mooi nie.

**CHAIRPERSON**:

No-no all I am trying to find out is you say you are - you were concerned that in a way pro forma - I mean the - the terminology should be right, why only in these if - if your men were involved in other incidents, where statements were drawn up, which would then go to the AG. Why were you not concerned to find out whether those statements in fact fulfilled the requirements that you wanted in the shooting incidents.

**GEN ENGELBRECHT**:

U sien in hierdie - wanneer daar 'n skietvoorval is mnr die Voorsitter, dan is daar altyd siviele eise wat daarna voorkom uit die siviele eise uit. En daarom was dit ook nodig dat die feite breedvoerig en volledig weergegee word en daarom was dit nodig dat daardie verklarings waar daar moontlike siviele eise en wat meer is,

waar daar mense se lewens verloor is, dit is die punt wat eintlik ek moet maak, is waar mense se lewens verloor is, dis 'n ernstige geval dat 'n mens sien dat daar nie afgewyk word van brutaliteit ensovoorts nie, dat die ding ordentlik gedoen is. Dit is hoekom dit is.

**ADV GOOSEN**:

Thank you Mr Chairperson - Mr Chairperson I just have got a brief note from the transcriber saying that the general speaks a little bit too quickly and sometimes can't keep up with you, if you don't mind slowing down just a little bit.

**CHAIRPERSON:**

Yes, but I mean I thought that was when he was reading - was dit toe hy gelees het, die voorlegging gelees het of is dit nog die feit dat hy te vinnig praat.

**ADV GOOSEN**:

There is a dispute about who wrote the note, do you want to investigate it general.

All right - this is the note I was passed over here.

**GEN ENGELBRECHT**:

I am on pension - I am on pension now Mr Chairperson.

**ADV GOOSEN**:

Thank you.

Generaal die betrokkenheid by die ondersoek in die geval van die dood - die moord van Japie Maponya.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ja.

**ADV GOOSEN:**

Kan u net weer eens net baie kortliks skets wat was u betrokkenheid gewees?

**GEN ENGELBRECHT:**

In die eerste instansie was die bewering gemaak deur Nofomela ten opsigte van lede van Vlakplaas wat betrokke sou gewees het by die ontvoering en die moord daarvan. En toe was daar 'n Kommissie van Ondersoek aangestel gewees. En die Kommissie het bekend gestaan as die McNally/Conradie Ondersoek.

En Generaal Conradie wat die hoof van die Speurdiens daardie tyd was, het gevoel hy wil my betrek, ek weet nie hoekom nie, ek moet nou spekuleer as ek nou sê hoekom ek dit dinges - maar hy het my betrek uit die aard van die saak om hulle behulpsaam te wees vir McNally en vir hom.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

En sodoende het ek eintlik onder die vaandel van die McNally/Conradie het ek nou eintlik ondersoek gedoen ten opsigte van wat hulle gesê het. Eerstens het ons Nofomela gaan ondervra in die gevangenis en hier kom ons by u eerste geval, toe het ons lede ondervra en terwyl hulle lede ondervra het, is daar - hulle gewaarsku en is hulle ondervra in die teenwoordigheid van myself waar McNally en Conradie gesit het en was ek dan daarna net gesê om die verklaring vir hulle te kry.

Maar die ondervraging van die mense wat klaar gebeur, het klaar geskiet. En soos wat dinges maak het hulle - was daar opdrag gekom ek dink - ek is nie

heeltemal seker nie, maar ek dink dit staan daar, het daar opdrag gekom dat die Maponya aangeleentheid nou meer volledig ondersoek moet word. En sodoende het ek nou maar net al die dokumentasie en alles wat betrekking gehad het, het ek toe nou gekry om dit te - bymekaar te kry sodat daar 'n geregtelike ondersoek gehou kan word ten opsigte van die voorval.

**ADV GOOSEN**:

Ek sien, die bewering is gemaak deur Willie Nortje dat u vir hom opdrag sou gegee het om sekere petrolboekies te gaan afhaal by 'n persoon nadat u reëlings getref het dat hy daardie persoon moet ontmoet. Die bewering is verder dat u dan daardie petrolboekies sou gekry het en sou vernietig het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek verwerp dit met minagting. Ek self het Krugersdorp toe gery en by die United Bank het ek self loop verklarings neem - ek het loop dokumentasie daar gekry, ek sal hom nie as 'n vreemdeling betrek het by my nie. Hy ken my nie, ek het hom die eerste keer eers gesien tydens die ondersoek van hierdie saak. Hy is nie 'n vertroueling van my nie, ek wil vir u dit sê, ek verwerp dit met minagting.

**ADV GOOSEN**:

Goed, was u in staat tydens u ondersoek om vas te stel presies wanneer mnr Maponya sou weggeraak het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek - ek het 'n verklaring dat - die verklaring van my is in daai Maponya ondersoek en daar was vasgestel volgens die dokumentasie wat ek kon my hande op gelê

het, het - was daar vasgestel wanneer hy min of meer kon weggeraak het. En ek sal bly wees as u my dan die Maponya ondersoek kan teruggee, dan lees ek my verklaring wat ek daarin geformuleer het.

**ADV GOOSEN**:

Goed, ek het nog nie die Maponya verslag wat u gegee het, ek het dit hier, ek het dit nog nie gelees nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

O! - u moet net kyk dis daar voor in.

**ADV GOOSEN**:

Indien - indien nodig sal u weer eens, ek het nie verdere vrae wat ek daaroor op hierdie stadium gaan vra nie, in elk geval. Ek wou net daardie bewering wat gemaak is, deur mnr Nortje aan u gestel het om u antwoord daarop te kry in hierdie stadium.

Die - kan ek net terugkeer na die Webster, na die ondersoek wat u - waarby u betrokke was met Luitenant Generaal Badenhorst - u het aangedui dat u vir mnr Ferdi Barnard baie kortliks gesien het saam met Brigadier Van Rensburg terwyl hy - Ferdi Barnard in Artikel 29 aanhouding was - aangedui dat u daar heen gereis het in u eie voertuig op daardie stadium.

Was - was dit 'n amptelike rit wat u geneem het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis amptelike rit, want hy moes soontoe gaan.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**

Amptelike rit - volgens hom is hy verplig om hulle te besoek, die Artikel 29 aangehoudendes te besoek en dis 'n amptelike besoek, so dit is amptelike rit.

**ADV GOOSEN:**

Goed, u het dan die kilometers wat u gereis het en die onkostes daarby betrokke het u terug geëis?

**GEN ENGELBRECHT:**

Wel jy hou mos 'n log book - dit is 'n gesubsideerde voertuig, dit is nie finansiële skema voertuig nie, dis 'n gesubsideerde voertuig. Dit kom in 'n log book wat jy dit inskryf.

SAHA

**ADV GOOSEN:**

Goed ... **einde van Band 3, Kant A** op sterkte daarvan sou u dan 'n aanduiding gegee het van wat die aard van daardie rit was - wat die rede vir die rit was.

**GEN ENGELBRECHT:**

Die log book wat jy vir 'n gesubsideerde voertuig hou is maar baie beperk, ek kan werklik waar - ek kan nie vir - tensy u vir my kan besonderhede gee van die - die dinges kan ek nie - ek kan nie hoe sal ek sê dat ek het nie, dit is darem baie lank terug, u moet darem verwag ek is twee en 'n half jaar uit die Mag ook al uit u weet en daai geval dink ek - dit het '89 plaasgevind.

**ADV GOOSEN:**

Ja. Daar sou nie - dit sou geen probleem gewees het dat u wat nie enigsins betrek is by die - na kuier gevalle, kuier is nie die regte woord nie, ek vra om

verskoning - besoeke dankie mnr die Voorsitter, aan besoeke by Artikel 29 aangehoudendes daar sou geen probleem gewees het as u, u voertuig sou gebruik het nie op daardie stadium.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee daar kan - daar kan niks nie, want dit is 'n amptelike diens wat gedoen moes gewees het.

**ADV GOOSEN**:

U was Generaal Van Rensburg - Brigadier Van Rensburg behulpsaam op daardie dag gewees.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek as u dit so wil stel.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

Goed dankie.

**ADV POTGIETER**:

Are you finished with that aspect - with your leave Chairperson.

U sê u was vir omtrent so 'n minuut in die teenwoordigheid van mnr Barnard.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nie alleen nie - soos ek reeds gesê het ek was nooit alleen by die mense nie.

**ADV POTGIETER**:

Ja.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nooit - nooit nie.

**ADV POTGIETER:**

U het...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Saam - Van Rensburg, ek het eintlik op die agtergrond gestaan - op die agter dinges, Van Rensburg het met hulle gepraat, hoe gaan dit is julle gelukkig is julle tevrede in die teenwoordigheid van die sersant, 'n uniform sersant onpartydig, 'n persoon wat saam met hom daar gewees het.

**ADV POTGIETER:**

So u het absoluut niks gedoen daar nie, u het maar net daar gestaan in die agtergrond.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek - ek sê dan vir u, ek het niks te doene gehad daar nie, ek wou nie eers saamgaan nie.

**ADV POTGIETER:**

Ja maar dis die punt, hoekom gaan u saam.

**GEN ENGELBRECHT:**

Maar op - maar op versoek van Van Rensburg, gesê man wat wil jy nou hier staan, kom loop saam, wat kan ek nou - wat kan dit nou gebeur.

**ADV POTGIETER:**

Nee-nee u het nie saamgeloop nie, u het in die agtergrond rond gehang.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee maar u weet - die - jy kom by die aanklagkantoor in mnr die Kommissaris. Hierdie mense se kantore is dinges, jy kom by die aanklagkantoor in - daar moet jy 'n inskrywing maak, want ek dink daar word 'n lêer gehou wat dit aan - ek dink daar is 'n voorvalleboek wat gedoen word, en dan stap jy saam met die mense na die selle toe, hulle het aparte selle, hulle het ingerigte Artikel 29 selle gehad.

**ADV POTGIETER**:

Nee ons weet dit - ons weet.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nou u sien.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

Ja ... **einde van Band 3, kant B**

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek wonder of hy tog nie vir u kan help nie, is hy nie dalk...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:

Hy sal seker.

**ADV POTGIETER**:

Hy is mos môre hierso.

**ADV GOOSEN**:

Ek sal hom ook vra.

**GEN ENGELBRECHT**:

Sal hy nie dalk vir u kan help nie.

**ADV GOOSEN**:

Ons wil net seker maak dat die sketsverslag en die verklaring ook identies is. Generaal dra u enige kennis van - operasies Echo's.

**GEN ENGELBRECHT**:

Echo's?

**ADV GOOSEN**:

H'm.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek weet nie of dit 'n operasie is wat De Kock dalk gebruik het nie, ek is nie seker nie, want ek het weet hy het name gebruik vir operasies om vuurwapens te kry.

**ADV GOOSEN**:

Okay, het - dra u enige kennis of u het nou net - netnou gesê dat u het vir Leon Floris ontmoet na sy aanhouding toe hy teruggekeer het uit Britanje uit.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek ja.

**ADV GOOSEN**:

'91 - kan u onthou of weet u saam met wie hy daar aangehou is, op daardie stadium.

**GEN ENGELBRECHT**:

My inligting was dat hy saam met 'n vroue - ek weet nou nie of sy 'n Kommandant was nie, of 'n Kolonel of 'n Kaptein nie, ek weet maar sy - sy was saam ook nog met 'n kollega van hom daar.

**ADV GOOSEN**:

Ja Pamela Durand.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

Weet u waarom hy daar aangehou is.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja die inligting was dat hy het op Coetzee sou gespioeneer het, mense sou gekry het om op Coetzee te spioeneer.

**ADV GOOSEN**:

Was u enigsins betrokke gewees by 'n komplot om vir Dirk Coetzee te laat vermoor in Engeland.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek dink die oorkonde spreek vanself uit De Kock se sake, ek was nooit nerens betrokke by hom nie, ek het ook nie so 'n begeerte gehad om hom dood te maak nie meneer.

**ADV GOOSEN:**

U sien daar was twee geleenthede waar daar opgetree is in - of teen Dirk Coetzee. Die een is in verband met die bomontploffing wat veroorsaak het dat Mbeki Mlangeni dood is en dit is die een waar - wat in die De Kock mee gehandel is. Dra u enige kennis van enige ander insident?

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek dra nie kennis van dinges nie.

**ADV GOOSEN:**

Leon Floris, sou 'n bedrag geld aan sekere persone in Engeland oorbetaal het om as deel van 'n reëling dat daardie persone vir Dirk Coetzee in London of enige ander plek in Engeland sou vermoor het, u dra geen kennis daarvan nie.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit was die inligting maar ek dra nie kennis van dit nie.

**ADV GOOSEN:**

Ek neem aan dat u nie die geld beskikbaar sou gestel het aan Eugene de Kock om daardie operasie te laat uitvoer nie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee meneer geensins - hoegenaamd nie.

**ADV GOOSEN:**

Goed.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek wil net noem dit lyk my De Kock het maar - ek weet nie of hy sy eie agenda ook het nie, want as ek gisteraand geluister het na Corrie Goosen, het hy ook daar aangekom by die lughawe met R15-duisend Amerikaanse Dollars en dit vir hom gegee.

**ADV GOOSEN:**

Dra u enige kennis van hoe of op welke manier De Kock sy geld sou gemaak het?

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee - ook maar inligting wat nou uitgekom het by sy verhoor.

**ADV GOOSEN:**

Destyds of alvorens dit uitgekom het.

**GEN ENGELBRECHT:**

Uit - by sy verhoor uitgekom het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN:**

Ek sien, ek wil net terugkeer na die Brian Ngqulunga aangeleentheid. Die bewering is gemaak in die De Kock verhoor dat u was by gewees by 'n vergadering wat belê was by Wachthuis, waar 'n sluip...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee dis nie in die oorkonde nie - nee dis nie die oorkonde nie, die oorkonde is soos wat ek dit het, is dat ek - hulle het gesit en beplanning doen op die Khan gesig in Botswana toe het ek toevallig ingestap daar by die vergadering en gerieflikheidshalwe volgens hom, het ek nou daar gesit.

U weet wat my probleem gee ook met de Kock, hy wou nie gaan self getuig sodat sy getuienis behoorlik getoets kan word nie, maar h kom en hy kom getuig net ter versagting. En daar is twee groot verskille as jy kom getuig ter versagting en jy kom getuig wat dit feitlik aangaan, ek kan u sê dit is soos wat ek het die oorkondes.

**ADV GOOSEN**:

En dan kan ons nou net handel met 'n paar van die - paar van die insidente wat hy nou noem waar hy - waarby hy u betrek. Die opdrag om Piet Botha te laat vermoor. Dra u kennis daarvan?

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis lagwekkend - lagwekkend so ver my kennis was die saak behoorlik ondersoek gewees deur 'n voertuig diefstal bevelvoerder van die Speurtak en sover my kennis is, was die saak verwys na die aanklaer toe en was van - ek dink van Botha se familie aangekla gewees.

Ek is nie betrokke by sy kriminaliteit gewees nie, dit het my nie aan gestaan nie dit is regtig lagwekkend.

**ADV GOOSEN**:

En u antwoord op - ten opsigte van die Khan familie, die Khan aangeleentheid waarby - waar die bewering gemaak is van die vergadering wat belê is by Wachthuis.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek ontken dit en ek verwerp dit met minagting, ek sal graag wou gehad het hulle moes 'n datum/tyd gegee het. Sodat ek kan bewys het waar ek dalk gewees het. My inligting mnr die Voorsitter dit is nie die wyse hoe De Kock sy optredes bespreek het nie. My inligting is dit, is dat wanneer hy sou besig wees met 'n bespreking van 'n optrede en enige persoon kom daar aan, dit maak nie saak of dit sy beste vriend is nie, sal hy onmiddellik stilbly en hy sal iets anders oor praat, dit is die inligting wat ek het.

**ADV GOOSEN**:

U het natuurlik op 'n gereelde basis geskakel met Eugene de Kock, ontmoet met hom...[tussenbeide]

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT**:

Nadat - nadat hy uit die Mag uit is.

**ADV GOOSEN**:

Voordat hy uit die Mag is.

**GEN ENGELBRECHT**:

Wel voor - uit die aard van die saak voordat hy uit die Mag uit is, was hy een van 'n - was hy - is hy 'n bevelvoerder gewees van 'n eenheid en moet ek en het ek as hy beskikbaar is op 'n daaglikse basis van Maandag tot Vrydag geskakel met hulle tensy hy nou - hulle weg is op ondersoek.

**ADV GOOSEN**:

En hy sou seker dan op 'n daaglikse of weeklikse basis terugvoering aan u gee ten opsigte van dit wat hy mee besig is in sy eenheid.

**GEN ENGELBRECHT**:

Die prosedure was dat wanneer hulle oor inligting beskik, hulle 'n inligtingsnota moet opstel. En nie net mondelings nie, soos ek sê dit moet geskrewe kom sodat die - en die inligtingsnota moet nie net aan my gerig word nie, maar dit moet aan die hoof van misdaad en inligtingsdiens ook gerig word. En wanneer dit 'n gewone speuraangeleentheid is, moet dit na die MBO gerig word asook na die Hoof van die Speurtak dan.

**ADV GOOSEN**:

Wat was u verhouding met hom gewees, hoe het julle oor die weg gekom alvorens, voordat hy weg is uit die Mag - uit die eenheid?

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek is 'n gemaklike mense, ek om inderdaad met enige mens goed oor die weg, ek moet vir u sê. Ek kan nie sê dat ek swak oor die weg met hom gekom het nie, ek kan dit nie sê nie, ons het ook ons verskille gehad ja, maar ek kan nie sê dat jy weet dit het nou 'n grief gelos - gelaat daar nie.

**ADV GOOSEN**:

Generaal oor die afgelope paar weke is daar uit verskillende oorde is daar inligting/getuienis wat voor 'n dag gekom het wat aandui dat baie senior lede van

die Suid-Afrikaanse Polisie en ook die Veiligheidstak betrek was by gru dade en misdaad.

Die voormalige Kommissaris van Polisie het 'n erkenning gemaak Maandag dat hy 'n bevel uitgereik het wat die gevolg gehad het dat ten minste agt persone gedood is, op grusame wyse, en talle ander beseer is. Dat hy ook 'n opdrag gegee het dat daar 'n massiewe bomontploffing was by 'n instansie.

Eugene de Kock - u ondergeskikte vir 'n tydperk, het ook erkennings gemaak oor verskeie misdade wat gepleeg is. Ander persone wat ook in die Veiligheidstak was, Jack Cronje, Roelof Venter en ander persone het ook erkennings gemak dat hulle bedrywig was met misdaad op 'n groot skaal.

Volgens die voorlegging wat u vanoggend gegee het wil dit voorkom dat u geensins betrokke was by daardie sodanige misdaad of growwe dade nie, glad nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Glad nie, dit is mos logika mnr die Voorsitter ek was nie aan die Veiligheidstak verbonde nie, want tot nou toe het daar nog nie 'n speurder of 'n uniform gekom en gesê hoor hier ek is betrokke by hierdie misdade gewees nie, dit is die Veiligheidstak en ek verwag dat daar meer dalk sulke insidente gaan voor 'n dag kom, ek weet nie.

**ADV GOOSEN**:

Maar uit daardie oogpunt gesien, u was - u was skoon gewees.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek was meneer.

**ADV GOOSEN:**

Goed, en dieselfde geld ook vir u tydperk as bevelvoerder van Moord en Roof.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dis korrek.

**ADV GOOSEN:**

Brixton Moord en Roof ook. Wanneer het u vir die eerste keer gehoor van die bestaan van Vlakplaas.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek dink as ek nou kan reg onthou ek dink dit is na die onthullings van Nofomela, ek is nie seker nie, ek dink dis na die onthullings van Nofomela.

**ADV GOOSEN:**

En voor dit sou u geen skakeling gehad het met die Vlakplaas-eenheid nie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Geen - geen - ek het nie geweet daar bestaan 'n Vlakplaas nie.

**ADV GOOSEN:**

En dit was in 1989 toe die onthullings gebeur het.

**GEN ENGELBRECHT:**

In 1989.

**ADV GOOSEN:**

In 1985 u was die bevelvoerder van Brixton Moord en Roof, is dit reg?

**GEN ENGELBRECHT:**

Was ek - nee dit hang af watter datum daar meneer - ek sit op hom, ek gaan net gou vir u sê - die datums is 'n bietjie baie na - ek was Soweto en dan is ek nog by dinges gewees, tot - dis korrek ek was tot 2 September '84 by Soweto Moord en Roof en toe van 5 September '84 by - tot '87 by Brixton.

**ADV GOOSEN:**

Ja, so in 1985 Julie was u die bevelvoerder van Brixton Moord en Roof.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit is korrek.

**ADV GOOSEN:**

SAHA

So u het dan - u sou dan as bevelvoerder seker kennis gedra het van 'n insident wat plaasgevind het in Julie of in die tweede helfte van die jaar, na Julie 1985. Waar lede van Brixton Moord en Roof betrokke was in 'n skietvoorval met twee - vier beweerde PAC opgeleide persone in Johannesburg.

**GEN ENGELBRECHT:**

Die feite is nie korrek nie, daardie skietvoorval volgens my kennis het plaasgevind nadat ek van Brixton af weg is toe ek by die Speurtak, Hoofkantoor gewees het.

**ADV GOOSEN:**

Wanneer het dit plaasgevind?

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek dink in '87 ek is nie seker nie, dis nadat ek van Brixton af weg gewees het.

**ADV GOOSEN:**

Sou daar rekord wees iewers waar daar vasgestel kan word dat dit wel...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Wel daar is 'n geregtelike doodsondersoek moet daar - as daar iemand dood moet daar 'n geregtelike doodsondersoek gehou word, so daar moet dokumentasie ek meen verklarings beskikbaar wees.

**ADV GOOSEN:**

Generaal moet u asseblief nie aanvaar - u moet asseblief nie aanvaar dat net omdat daar 'n geregtelike doodsondersoek was, dat daar wel dokumente nog steeds is nie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee - o! ja dis ook weer waar, ekskuus.

**ADV GOOSEN:**

Ja, maar u sê daar behoort so 'n ding te wees.

**GEN ENGELBRECHT:**

Daar behoort.

**ADV GOOSEN:**

En by die - die rekords wat gehou word deur die Moord en Roof tak, sal dit moontlik wees om daardie insident te kan opspoor op daai rekords?

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek is - ek is nie seker of hulle alreeds dokumentasie dalk vernietig het of nie, u vra werklik waar vir my nou wat ek nie kan antwoord nie.

**ADV GOOSEN**:

So u...[tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Maar daar behoort rekord te wees van dit.

**ADV GOOSEN**:

Ja.

**GEN ENGELBRECHT**:

As dit PAC lede is, behoort daar rekord te wees.

**ADV GOOSEN**:

So u dra nie kennis van die feit dat dit blyk dat in volgens De Kock dat in laat 1985 daar 'n gesamentlike optrede was tussen Brixton Moord en Roof en Vlakplaas lede.

**GEN ENGELBRECHT**:

De Kock was nog nooit by my betrokke toe ek by Brixton gewees het nie, ek het hom nie geken nie, ek het nie geweet van sy bestaan eers nie. En u sal sien as u daar die datum kry, dan kan dit dalk hier in die '87/88 ek is nie seker nie, maar nadat ek weg is van Brixton kon hy dalk hoe sal ek sê daar betrokke gewees het

terwyl ek by die Speurtak, Hoofkantoor gewees het toe ek ook niks van hom geweet het nie.

**ADV GOOSEN:**

Een van die aspekte van daardie bewering nou as ons nou vir die oomblik dit maak nie saak of dit nou '85 was of '87 nie, maar een van die feite wat opvallend is ten opsigte van daardie insident is dat in soortgelyke insidente Nelspruit, die Nelspruit insident, die - 'n insident ook in die Carousel wat ook gehandel is in die De Kock verhoor, dat dit blyk dat daar op daardie geleenthede ook Moord en Roof lede betrokke is by skietvoorvalle waar Vlakplaas lede betrek is.

**GEN ENGELBRECHT:**

Soos u sal sien, in die situasie verslae en u sal sien - opmerk dat daardie sy - hulle werksaamhede wat ek ingebind het hier, dit is nadat die lede beginne ondersteuning gee het aan die verskillende eenhede soos Moord en Roof, SANAB, Goud en Diamante, Voertuigdiefstal-eenhede ensovoorts. Inderdaad het ek - het ek gevra dat die mense moet kontak maak met hierdie eenhede, ek dink amper ek het nog 'n byeenkoms gereël ook van bevelvoerders in die PWV-gebied soos dit destyds bekend was, dat hulle hierdie mense kan ontmoet dat ons hulle - hulle vermoë vir hulle kan uitspel dat hulle kan sien waar kan hulle hierdie mense gebruik en aanwend.

**ADV GOOSEN:**

Dit blyk uit die persone wat betrokke was by die tipe - die insidente - dat Moord en Roof lede telkens opduik in ander kapasiteite op 'n latere stadium, sal u met my saamstem daarmee.

**GEN ENGELBRECHT**:

Nee ek...[tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:

As u kyk byvoorbeeld na u lys van BSB-lede, baie van hulle is oud Moord en Roof lede, Brixton - Moord en Roof lede. Ek sê nie nou die tyd toe u daar was nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek was - hulle het geloop toe ek weg was meneer.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

Ja, en ook die noue samewerking op verskeie gevalle tussen Vlakplaas lede en Moord en Roof lede.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek - ek het dit dan nou vir u verwys na daardie werksaangelede en eintlik was dit verpligtend dat hulle moet saam met die mense werk en wanneer hulle optree moet hulle ook nie alleen optree nie, want die stigma van die Askari's was daar gewees, die stigma en ek wil - die stigma moet weggekom het.

As jy nou 'n insident gekry het waar net Askari's by betrokke gewees het, dan is dit weer klaar - dan is die media op jou klaar en dan is dit - al jou goeie werk wat jy gedoen het is daarmee heen. Dit is hoekom ek het darem vertrou dat die

Moord en Roof mense wat by gewees het, dat hulle darem sal werklik waar sien dat gereg en geregtigheid geskiet.

**ADV GOOSEN**:

Ek sien, ek praat nou nie net van na 1990 nie, ek praat ook van die oorkoepeling van lede waar voormalige Moord en Roof lede opduik as BSB lede byvoorbeeld of as Vlakplaas lede.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja meneer... [tussenbeide]

**ADV GOOSEN**:

En dis meer, u kan nie kommentaar lewer daaroor nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek kan wragties nie, u moet ook nie weer sê dis dalk toevallig nie, want ek kan ook nie daarop kommentaar lewer nie, regtig waar.

**ADV GOOSEN**:

Dit is dalk toevallig.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja ek kan wragties, ek kan nie daarop kommentaar lewer nie.

**ADV GOOSEN**:

Goed, as u my net 'n oomblik sal gun. Generaal daar is ander - ek het gesê daar is 'n paar insidente wat genoem is deur De Kock in sy getuienis en van die

bewerings is dat u betrokke was by die reg - die Staatsgreep wat beplan is in die Transkei en wat seker 'n Dhuli betrek het.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee sover my kennis het hy my nie betrek daarmee nie, wat hy my by betrek het is dit - is dat hy een van die mense daar William Btoli wat ek sou na bewering aan hom voorgestel het en die feite is ook weer nie korrek nie. En dat hy deur William Btoli sou hy na bewering vir Craig Djuli ontmoet het, en toe sal hulle nou die Staatsgreep bespreek het sonder my wete. Soos ek sê ek was ook nie dinges nie, maar die feite wat hy daar verstrek het, is ook nie weer korrek nie.

Inderdaad was William Btoli deur 'n blanke en van die Veiligheidshoofde van Transkei ontvoer gewees uit Johannesburg uit. En Btoli se vrou het gekontak en gevra of daar dan nie ondersoek gestel kan word nie, want niemand wil haar - wil - belangstel om dit te doen nie. En toe het ek soontoe gery om Btoli se vrou te sien en ek vir Eugene en ek het nog vir iemand saamgevat en ek het 'n Moord en Roof van Oos-Rand 'n offisier gekry om saam te kom dat ons gaan luister wat is die posisie en toe het ek gesorg dat daar 'n dossier oopgemaak word of dat die dossier wat toe bestaan is, wat nie aandag kry nie, toe ondersoek word. Dit is die feite - die feite wat hy daar weergee is nie korrek nie.

Ek dink amper ook daai Staatsgreep wat hy van praat is hier in 1988 begin '89 ek is nie seker nie.

**ADV GOOSEN:**

Op daardie stadium waar was u gestasioneer?

**GEN ENGELBRECHT**:

'89 was ek by die Speurtak Hoofkantoor tot 5 November toe - in 1990 toe ek by die Veiligheid gaan begin het.

**ADV GOOSEN**:

En u sê u het op daardie stadium selfs nie eers geweet dat 'n persoon by name Eugene de Kock bestaan het nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek het nie geweet nie.

**ADV GOOSEN**:

U was deel van die ondersoekspan was u nie - in die bomontploffing by Khotso Huis is dit reg?

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis korrek.

**ADV GOOSEN**:

Wie nog was op daardie ondersoekspan?

**GEN ENGELBRECHT**:

Generaal Joubert was die hoof Ondersoekbeampte. Ek het inderdaad bygekom, daai saak was al lankal plaasgevind die ontploffing ensovoorts het al lankal plaasgevind. Die saak was al inderdaad sover my kennis baie ver ondersoek gewees toe ek op die toneel gekom het, en dit - die ondersoek was behartig gewees deur Sandton se Veiligheids-ondersoekspan.

Maar toe ons vir Me Gunn gaan ondervra het, het Adjudant-Offisier Mostert van die Sandton-ondersoekspan saam met my gery om haar te gaan ondervra. En vandag moet ek my kop in skaamte laat sak dat die Kommissaris en die Minister en die vorige Staatspresident was betrokke daarby en hulle het 'n mens - het hulle 'n rat voor 'n mens se oë gegooi. Onder so 'n indruk was ek gewees dat ek gekom het en haar nog hier kom ondervra het. En vandag moet ek my kop in skaamte laat sak.

**ADV GOOSEN**:

Dit wil vir my voorkom amper behalwe miskien vir een of twee ander persone was u die enigste persoon wat nie geweet het - wat daarby betrokke was. Dat me Shirley Gunn niks te doen gehad het met die bomontploffing nie, destyds.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT**:

U kan haar vra, ek het haar ordentlik behandel soos 'n ordentlik mens ook, want dit is my aard.

**ADV GOOSEN**:

Hoe het dit gekom dat - hoe het dit gekom dat me Shirley Gunn as 'n verdagte opgeduik het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Volgens die inligting - dis ook nie inligting wat ek gekry het nie, so dis ook nie toevallig nie, volgens die ondersoekspan van Johannesburg Veiligheid het hulle iemand gekry, wat - daar was 'n skets gewees - 'n ID-kit gewees van 'n verdagte en toe het iemand daardie skets vergelyk op 'n uitkenningsparade met

verskillende foto's en onder die foto's was me Gunn se foto gewees en het die persoon toe daardie foto geïdentifiseer as haar foto. Dit is die kennis wat ek het van dinges.

**ADV GOOSEN:**

Het dit reeds gebeur voordat u betrek was by die ondersoek.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ja sover my kennis was dit reeds gekry gewees op daai stadium toe ek bykom.

**ADV POTGIETER:**

Kan u onthou waarom u betrek is by die ondersoek?

**GEN ENGELBRECHT:**

Generaal Joubert was van die Veiligheid af verplaas Speurtak toe en jy weet nou om saam te ry weer eens jy sien. Nou vat hy my om te sê kom ry saam hy wil dalk van my kundigheid ook gebruik maak om ondersoek - dinges te kyk hoe lyk die dossier ensovoorts. So ek weet nou nie wat is die uitsluitlike rede hoekom nie, maar hy het my betrek by dit.

**ADV GOOSEN:**

Amper weer eens betrek by - of deur persone waar - waar u nie kan noodwendig sê dat hulle - hulle betrokkenheid **bona fide** is nie.

**GEN ENGELBRECHT:**

Hoe bedoel u nou meneer.

**ADV GOOSEN:**

U sien u sê u is betrek op 'n stadium u weet nie eintlik waarom u betrek is nie - net om van u kundigheid te gebruik.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja.

**ADV GOOSEN**:

Op daardie stadium reeds - ek weet nie hoekom nie, hy is die Adjunk Speurhoof gewees.

**ADV GOOSEN**:

H'm.

**GEN ENGELBRECHT**:

Hy het beheer - hy kan beheer uitoefen op enige van ons daar - en ek weet nie hoekom dinges - soos ek sê ek moet nou spekuleer.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

Ja, nadat me Gunn ondervra is, hoe het die ondersoek verder gevorder?

**GEN ENGELBRECHT**:

Me Gunn volgens my inligting was eerstens gearresteer gewees deur die - hierdie Kaapse Veiligheidstak omdat sy ook buitelands opgelei was en nadat ek - tydens my ondervraging wat ek met haar ook gehad het, het sy ook verdere uitkennings gemaak van mede opgeleides in die buiteland.

En nadat ek tevrede is, het ek vir haar gesê ek is tevrede - ek gaan geen stappe teen haar neem nie. As julle met haar dan klaar is so ver as dit aangaan, haar agtergrond gekry het met die ondervraging van die opleiding ensovoorts, ek gaan 'n dinges maak - ek gaan nie aanbeveel dat sy aangekla word nie. En toe het hulle haar vrygelaat.

**ADV GOOSEN**:

Ek sien so - verstaan ek u reg dat - u - die ondersoek het as 't ware doodgeloop nadat u... [tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Dis heeltemal korrek.

**ADV GOOSEN**:

Was daar geen reaksie van - van Hoofkantoor gewees oor wat nou te doen met hierdie onopgelosde saak of daai... [tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT**:

Daar was geensins met my dit bespreek nie, as daar besprekings sou gewees het, dan sou dit seker met Generaal Joubert met sy hiëragie gedoen het jy sien, maar hy het nie dit met my kom bespreek nie. En ek het met my ander werk aangegaan.

**ADV GOOSEN**

Nou as me Gunn die primêre verdagte was en u vind van 'n onderhoud dat daar is nie juis rede om vir haar aan te kla nie, het dit enigsins 'n vraagteken in u

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

gemoed [onduidelik] van wat die ondersoek was. Hoe dit gekom het dat sy nou 'n verdagte was.

**GEN ENGELBRECHT:**

Soos ek sê uit die aard van die saak het ek my gaan vergewis omdat sy geïdentifiseer was - en dis baie - in my loopbaan het ek dit baie gekry dat mense 'n identifikasieskets maak en dan iemand lateraan op 'n uitkenningsparade kom en kom of dan of 'n uitkenningsparade foto hou wat jy dan iemand laat uitken - wat hy wel iemand uitken. En as jy daardie persoon dan gaan ondervra ten opsigte dit - van haar betrokkenheid en dat sy dan ook so ver my kennis dink ek amper dat sy goeie redes gegee hoekom sy nie daar kon gewees het nie, ek kan nie meer onthou nie, dis nou lank terug.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**

Verskoon my net so 'n oomblik - **if you would just bear with me.**

**CHAIRPERSON:**

Advocate Potgieter.

**ADV POTGIETER:**

Thank you Chairperson whilst advocate Goosen is consulting his notes - Generaal op daai stadium toe u betrek word by die Khotso Huis ontploffing, toe was u by die Speurtak Hoofkantoor.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dis reg ek was Speurtak Hoofkantoor.

**ADV POTGIETER:**

En die saak was ondersoek deur die Sandton Veiligheidspan.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dit is korrek - so ver my kennis het, kyk enige ontploffing hoegenaamd - wel ek is by die Speurtak, ek dra nie kennis van hulle werkswyse nie, ek is nie betrokke by die Veiligheid nie, een sover my kennis - die - die ontploffing was ondersoek gewees by die Sandton se Veiligheidstak - die Ondersoek komponent daar.

**ADV POTGIETER:**

En wat was u opdrag gewees wat moet u nou kom doen, want kyk u is niks met Veiligheid te doen nie, u is by die Speurtak, Hoofkantoor.

**GEN ENGELBRECHT:**

Soos ek nou vir u gesê het weer eens, ek weet nie hoekom - wat die was om ek betrek het nie, ek het nie gevra wat is die rede hoekom ek betrek is nie. Ek was net saamgevoeg by - by die Ondersoekspan saam met Generaal Joubert.

**ADV POTGIETER:**

Maar wat was die opdrag?

**GEN ENGELBRECHT:**

Ons het die toneel - ons het die toneel gaan besoek. Ons het die - saam met die forensiese afdeling weet ek was ek daar gewees, u weet die toneel besoek. Ek het mense ondervra sover - nee ekskuus nie daai geval nie, ek het nie hulle - mense daar ondervra nie. As daar byvoorbeeld dan nou verklarings geneem moet word of 'n ding, u weet - ek weet nie hoekom nie, maar... [tussenbeide]

**ADV POTGIETER**:

Maar ek meen wat was u opdrag gewees?

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek het nie 'n geskrewe opdrag gehad nie, ek was net gesê.

**ADV POTGIETER**:

Nee - nee dit hoef mos nie geskrewe te wees nie Generaal ek wil u nie onnodig onderbreek nie, maar wat was u opdrag, dit kon mos mondelings ook maar gewees het. Wat het die Generaal Joubert vir u gesê wat moet u doen?

**GEN ENGELBRECHT**:

Hy het gesê hoor hierso jy moet saam met my gaan ons moet eerste instansie Khotso Huis se toneel loop besoek.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

U moet maar net saam met hom gaan.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ja - ek moet saam met hom gaan Khotso Huis se ondersoek - se dinges gaan besoek - se toneel gaan besoek. En ek het saam met hom gegaan en die toneel gaan besoek - toe was daar verder gewees as ek kan reg onthou - het ek verder gegaan en ek het 'n bandopname masjien laat installeer ook op 'n stadium in my kantoor omdat ek nie 'n sekretaresse het nie, vir mense wat enige een wat inligting het, wat kan inbel, sodat ek daardie gedeelte so - as u dan nou betrokkenheid dan nou wil kry, dan - daar is ook 'n gedeelte van 'n betrokkenheid omdat ek die inligting sal na my toe gekanaliseer word op die

bandmasjien wat ek dan nou kry - ek sal dit weer vat en ek sal dit vir Generaal Joubert gee en as daar iets positief is, sal ons gaan kyk wat is dit.

**ADV POTGIETER**:

Maar - maar ek meen hoekom sal iemand nou met die Khotso Huis inligting na u toe kom wat by die Speurtak is, dit is niks met die Veiligheidspolisie te doen nie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Want Generaal Joubert was aangestel as die Hoof Ondersoekbeampte toe.

**ADV POTGIETER**:

Het u inligting gekry op u band?

**GEN ENGELBRECHT**:

Ag daar was inligting gekry op die dinges en dit was ondersoek gewees en dit is op negatief - niks uitgeloop nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER**:

En wat het u gaan doen hier in die Kaap in saam met Mostert - Caledon gevangenis toe.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek het - omdat ek onder die indruk nog was me Gunn is betrokke - moontlik betrokke by die ontploffing daar, want haar identifikasie was positief gedoen deur 'n getuie gewees - en het ek gekom en ek het haar hier kom ondervra, want Generaal Joubert so ver my kennis as - ek is nou nie seker nie, u sien ek het nou nie dinges meer nie - ek wil ook nou nie iets sê wat nie dalk reg is nie.

Maar ek dink amper hy was hy -hy was toe al - hy is toe verplaas of het op die punt gestaan vir verplasing en ek het gekom en ek het haar kom ondervra om te kyk wat was haar betrokkenheid, is sy betrokke of is sy nie betrokke nie.

**ADV POTGIETER:**

Het u die ondersoek oorgeneem?

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee ek het hom nie oorgeneem nie.

**ADV POTGIETER:**

Nou waarom het u ook ... [tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Maar ek was die senior - ek is - goed ek was toe die senior persoon van die twee van ons wat hiernatoe gekom het.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**ADV POTGIETER:**

En kan u hoegenaamd - dink net hard - ek meen kan u aan enige rede dink hoekom spesifiek u - en dan - en dan - ek moet dit ongelukkig aan u stel - nou het die mense vir u weer in 'n gemors gesit.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ja.

**ADV POTGIETER:**

Want hulle laat u nou 'n arme onskuldige vrou kom ondervra en hulle weet dis 'n leuen, maar hulle kies nou vir u uit al die duisende speurders wat in die land is om

- om hierdie ondervraging te kom doen, en net saam te gaan met die Generaal. Ek meen - maar - die Geluksgodin is regtig teen u.

**GEN ENGELBRECHT:**

U moet ook darem nie veralgemeen nie om te sê uit die duisende mense nie, ek is dan op Hoofkantoor, ek is die koördineerder van al die Moord-en-Roof-eenhede in die land - ek is dan daar beskikbaar - dit hou verband met geweld - alhoewel dit is nie geweld wat ons ondersoek nie, die geweld by die Veiligheid ondersoek.

**ADV POTGIETER:**

Weer eens is dit... [tussenbeide]

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek weet - ek kan nie - jy sien dit is my probleem - ek kan nie sê wat - hoekom Generaal Joubert hy het nie vir my 'n geskrewe opdrag gegee en gesê ek moet dit doen nie. Baie keer het dit gebeur dan het hy gesê hoor hier kom saam - ry saam.

**ADV POTGIETER:**

Waarom - waarom het u vir me Gunn ondervra oor buitelandse opgeleide persone.

**GEN ENGELBRECHT:**

Ek self het haar nie ondervra omtrent dit nie.

**ADV POTGIETER:**

Maar waarom het sy dan sulke mense aan u uitgewys - sommer uit haar eie uit?

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee sy het ook nie mense aan my uitgewys nie.

**ADV POTGIETER:**

Dis wat ek verstaan wat u gesê het.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee - nee sy het dit nie aan my uitgewys nie, sy het dit aan Kaptein Meyer uitgewys wat aan die Veiligheidstak verbonde was aan die Terroriste-eenheid - aan diè - hy was hier in die Kaap gewees en - en hy het met haar kom praat ook en sy het toe vir hom foto's uitgewys.

**ADV POTGIETER:**

Was u - was u by gewees.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**GEN ENGELBRECHT:**

Ekskuus?

**ADV POTGIETER:**

Was u by?

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee ek was nie by met daai ondersoek was ek nie by gewees met die uitwys nie.

**ADV POTGIETER:**

So dis maar net hoorsê wat u daai - wat u getuig het vroeër.

**GEN ENGELBRECHT:**

Dis hoorsê daai - ekskuus?

**ADV POTGIETER:**

Wat u - wat u getuig het vroeër getuig het, want u het vir ons vroeër vertel van die buitelandse opgeleide persone wat sy uitgewys het.

**GEN ENGELBRECHT:**

Nee dit is toevallig - ek praat van hoorsê - ek praat nie, ek was nie by gewees nie, ek noem dit vir u, ek was nie.

**ADV POTGIETER:**

Maar u stem met my seker maar saam, ek meen weer eens u is baie ongelukkig dat dit nou weer 'n geval is waar u betrek is, waar dit nou so 'n groot gemors is op die stadium.

**GEN ENGELBRECHT:**

Wel meneer ek was betrek - ek kan dit nie ontken nie, ek was betrek - ek was betrokke daarby.

**ADV POTGIETER:**

U het - u het - u bevestig u het op geen stadium geweet dat hierdie 'n opgemaakte storie is dat me Gunn betrokke was by die ontploffing by Khotso Huis.

**GEN ENGELBRECHT:**

Meneer ek sê vir u eerlik... [tussenbeide]

**ADV POTGIETER:**

U sê dit onder eed.

**GEN ENGELBRECHT:**

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Maar op geen - geen stadium nie.

**ADV POTGIETER**:

Goed.

**GEN ENGELBRECHT**:

Anderste sou ek werklik nie so - ekskuus die woord, maar ek wil dit 'n lelike woord gesê het nou hier om te gekom het om hier te kom ondervra het nie, ek sê vir u eerlik.

**ADV POTGIETER**:

Goed, nee baie dankie, ons het u op rekord daaromtrent.

**ADV GOOSEN**:

Mr Chairperson yes there are a number of other matters but - that I would like to deal with, but they - to deal with them intelligently and - and comprehensively I would actually want to spend some time looking at the submission that has been made. And we - we scheduled only to deal with - with General Engelbrecht today - and not to carry on tomorrow.

I would want to suggest that in the light of what we indicated at the outset, that we perhaps close the session today, and find out from the General whether we could make an arrangement that he would return at another stage where - and we could indicate that to him - where we might conclude some issues that we would wish to go through.

We have arrangements at this stage for other witnesses to appear on the 18th which is a Monday - the 18th of November. It may well be that we could arrange for a date on the 19th possibly would only be a morning that we would - that we would require. And obviously similar arrangements to those that we made for today would apply I would - I would suggest. But I...[intervention]

**CHAIRPERSON**:

General I - I had indicated I mean that we - we would be very grateful I mean if we do not finish that we might want to recall you. We would want to be able to round off this particular inquiry satisfactory - I mean to the satisfaction of - of the investigating unit and I would hope I mean that you would be able to co-operate with them, try to find a date that was reasonably convenient to you and to everybody.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Would that be in order.

**GEN ENGELBRECHT**:

In order Mr President.

**CHAIRPERSON**:

You will deal with the logistics.

**ADV GOOSEN**:

Mr Chairman yes we will - we'll make that arrangement - we will try and - we will engage in correspondence if necessary to arrange for the 19th. Could I just ask though at this stage there were some other documents which the General referred to during the course of his replies which we - which we have not got and I wonder

whether we would be able to get those and make copies of those before he leaves this afternoon.

**GEN ENGELBRECHT**:

Is it the record now.

**ADV GOOSEN**:

Ek dink daar is die een - daar is die een - die skietvoorval verslag was die een gewees en dan was daar aanvanklik toe u, u voorlegging gemaak het, was daar ook 'n addisionele dokument waarvan u gelees het.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dit is - nee dit is maar uit die hofrekords.

SAHA FOR JUSTICE

**ADV GOOSEN**:

Wie was dit gewees.

**GEN ENGELBRECHT**:

Dit is uit die hofrekord uit.

**ADV GOOSEN**:

O! okay - goed. Dan net die skietvoorval verslag, dankie.

**GEN ENGELBRECHT**:

Ek sal dinges.

**CHAIRPERSON**:

Thank you very much General I - I hope you - you will retain your confidence that this body is really concerned to find out the truth. As I said at the beginning we are not looking to prosecute anyone, we are looking for the truth so that eventually our country can be healed and that this awful past as you have been hearing I mean you apparently were also taken for a ride even by your own colleagues. That things of that kind which are causing you pain, that we may be able to have dealt with them so that the procedures and you, you are a person who knows what law courts are, it's not like our hearings here they - they hand - they deal with one - you deal with one another in the way that they are dealing.

But it isn't that you have people who are hostile - they are just seeking the truth and I would hope I mean that you would - you would accept that we intend to be even handed - anyone who comes before - before us in this manner will have to satisfy the panel as they sit here.

If they think there are gaps - if they think they - there are apparent contradictions it isn't because they have an enemas against you. Otherwise we would not speak to people who come to apply for amnesty, but as you heard I mean there five people said that they wanted to acknowledge that the Commission had treated them fairly and that they wanted to encourage others to come.

But it does not mean I mean we will do all we can to come to the truth so that we all satisfied and if sometimes people are made uncomfortable - that is unfortunate but I mean it is part of seeking to come to the truth.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

But thank you very much for making yourself available and - and preparing for us this - **verklaring** - we - I need to point out something that you are aware of, the hearing is confidential until we publish whatever part of the testimony - the proceedings we - we would want to do that.

Second is that the - you - we would hope I mean that you know that there are certain rules like that you are not meant to influence other people with regard to their testimony or likely testimony before this inquiry. But thank you very much, God bless you.

**GEN ENGELBRECHT**:

Thank you sir - thank you.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE